VIII Die Trekgedagte Onder Die Afrikaner-Grensboere

„Yet, at the moment when the enemies of Christendom seemed to be striking at the very heart of Europe, a sudden and revolutionary change occurred. Outflanking the Turkish blockade, some European nations launched successive waves of attack over the oceans. Their advance was as rapid as it was unexpected. In little more than a century, the Portuguese and the Spaniards first, the Dutch and the English later, laid the basis of world-wide European predominance."
C. M. Cipolla, *European Culture and Overseas Expansion*, Harmondsworth, 1970, p. 33.

„Aan opstand tegen hunne regeering konde zy niet denken, dit streed tegen hunne belydenis als Christenen, *er was voor hun door Gods goedheid een deur geopend*, die naar hun inzien te gelyk strekken konde om eene gewenschte uitkomst voor hun zelve te verleenen, en tevens eene weg te baanen, om de beschaving van de voorheen ontoegankelyke woeste volksstammen van Zuid Afrika te bevorderen."
Volksraad van die Republiek Natalia aan die Koning van die Nederlande, Pietermaritzburg, 25 April 1842, J. H. Breytenbach (red.), *Notule van die Natalse Volksraad*, S.A. Argiefstukke, Natal No. 1, p. 401 (my kursivering).

„This mania could never have spread as it did, seeing it involved such fearful sacrifice of property – of Ease – of life, unless it had been fed by some secret Evil influence – that was *a* Satan
'Squat like a toad close at the Ear of Eve,
Assaying by his devilish arts to reach
The organs of her fancy, and with them forge
Illusions – '"
Eerw. J. Ayliff, The Emigration of the Boers, p. 12, handskrif opgestel sowat 20 jaar na die Groot Trek, MS. 15, 292, Methodist Archives, Rhodes-Universiteit, Grahamstad.

Soos met die begin van baie gedagterigtings en bewegings, is dit nie moontlik om met sekerheid die ontstaan van die trekgedagte aan 'n bepaalde tydstip of definitiewe persoon te koppel nie. Waar daar soveel grensboere was wat toe ernstig ontevrede begin raak het, sou mens verwag dat 'n dergelike idee as moontlike oplossing vir hul moeilikhede so teen die vroeë jare dertig geleidelik by sommige boeredenkers, moontlik tegelykertyd, vorm begin aanneem het. „Die binnelandse boere" – so lui prof. H. B. Thom se siening – „was mense wie se ouers en grootouers geleidelik die binneland ingetrek het en wat self ook die lewe in die vrye veld geken het, sodat dit heel natuurlik is dat hulle, toe toestande in die Kolonie vir hulle ondraaglik geword het, aan wegtrek gedink het. Wegtrek – dit was die uitweg wat hulle verstaan het, en bowendien die enigste uitweg wat hulle kon sien."[1]

Prof. Thom wys ook verder daarop dat Voortrekkergetuies soos J. H. Hatting en W. J. Pretorius dit nie met mekaar eens is oor presies wanneer die trekgedagte ontstaan het nie. Terwyl Hatting sê dat die trek uit die Kolonie vir die eerste keer in 1835 deur die boere bespreek is, beweer Pretorius dat dit reeds voor 1834 deur baie burgers oorweeg is.[2] H. F. Fynn verklaar: „It was not, however, till 1834, when the Emancipation of Slavery occurred which produced great discontent among the Boers of the Cape Colony, that they savoured the idea of emancipating themselves from the British Government by meeting beyond the boundary of the Cape Colony."[3] Alhoewel Fynn bevestig dat hy van 1834 tot 1848 op die Kaapse grens was en dus in 'n posisie om die doelstellings van die eerste Voortrekkers te leer ken, begaan hy soveel mistastings dat dit duidelik is dat daar in hierdie verband nie veel op sy getuienis staatgemaak kan word nie.[4] Waar al drie beskikbare getuies uiteenlopende getuienis lewer, skyn dit aan te toon dat die trekgedagte nie maklik tot 'n bepaalde jaar teruggevoer kan word nie.

Wat wel duidelik is, is dat die trekgedagte uit sowel 'n positiewe as 'n negatiewe element bestaan het. Deurdat 'n beter kennis van die binnelande deur verkenning opgedoen is, is die bestaan van relatief dunbevolkte en vir boerdery aanloklike, gesonde streke as positiewe aantrekkingskrag onder die aandag van die grensboere gebring. Met die oplaai van die grensboere se griewe in die vroeë jare dertig ontwikkel daar ook 'n negatiewe ontvlugtingsmotief: om uit die onrustige Kaapse Oosgrensdistrikte, waar toestande soms ondraaglik skyn te word, weg te trek. Aangesien die grensboere as Trekboere reeds gedurende die agtiende en vroeë negentiende eeu psigologies en fisies beweeglik geword het, sou die opoffering in verband met die ontworteling nie ondraaglik groot wees nie.

Daar was egter nog 'n aantal betreklik bekende, asook taamlik onbekende struikelblokke in die weg: die houding en optrede van die Britse regering; die probleem om voldoende oortuigingswerk te doen sodat duisende grensboere die trekgedagte in 'n trekdaad sou kon omskep; die bekombaarheid van voldoende geskikte grond in die noorde en noordooste; en die houding van hul nuwe inboorlingbure in die binneland. Die verdere vrae wat die ontkieming van die trekgedagte oproep, sou slegs afdoende beantwoord kon word nadat verdere binnelandse verkenning onderneem is. Verkenning is die oorsaak sowel

1. *Gert Maritz* (1965), p. 75.
2. *Ibid.*
3. *The Diary of Henry Francis Fynn*, p. 312. Kyk ook F. L. Cachet, *Vijftien jaar in Zuid-Afrika*, I, Leeuwarden, 1875, pp. 139–140.
4. Fynn beweer bv. dat Piet Uys, Maritz (uit Somerset!) en Piet Retief *gelyktydig* die Trekkers uit die Kolonie sou gelei het. Dan sou Retief aan Fynn ook 'n „handsome salary" aangebied het, benewens een van die hoogste poste onder die Trekkers, indien hy hulle sou vergesel (*ibid.*, pp. 312–313; vgl. ook die Fynn Papers, 27107 in die Killie Campbell-Biblioteek, Durban). As die omstandighede waaronder Retief en sy Voortrekkers verkeer het, in ag geneem word, lyk so 'n aanbod hoogs onwaarskynlik.

as die gevolg van die trekgedagte. Die vroegste verkenning stimuleer die ontkieming van die trekgedagte; en wanneer die trekgedagte vorm begin aanneem, verleen dit weer die prikkel tot verdere verkenning. Latere verkenning is meer doelgerigte verkenning, want dit word onderneem om nadere inligting oor bepaalde landstreke te bekom: dan sou diegene wat reeds deur die trekgedagte beetgepak is, in staat gestel word om die voordele van hul gekose landstreek by hul medeboere te propageer. Slegs wanneer voldoende getalle vir 'n bepaalde streek gemonster kon word, sou die sukses van die emigrasie daarheen verseker wees. Die aanpasbaarheid van die koloniale boerdery by 'n nuwe landstreek sou 'n vername faktor by verkenning en propagering kon wees. Uit die lang reeks Suid-Afrikaanse verkennings wat reeds voor 1834 uitgevoer is, deur of met die medewete van grensboere, het die binnelande redelik goed bekend geraak. Diegene wat reeds ingelig is, soek nou gespesialiseerde, aanvullende inligting, sodat hulle die praktiese deurvoering van die trekgedagte in hul rigting met oorleg en insig kan beplan. Slegs op dié wyse kon hulle dit aanneemlik maak vir 'n sterk gevolg (veral uit hul eie omgewing), waarsonder hulle nie veel sou vermag nie. Dit is dus duidelik dat die ontwikkeling van die trekgedagte relatief gou die verdere oorweging begin inhou het dat dit suksesvol onder die grensboere gepropageer sou moes word. Vir sommige leiers van die Afrikaanssprekende grensboere onder daardie gegewe omstandighede het die trekgedagte in die vroeë jare dertig as 'n uitnemende oplossing voorgekom wat in wye grensboerkringe byval sou kon vind.

Diegene wat teen geweld gekant was, sou dit tevrede kon stel: dit was vreedsaam van aard. Onttrekking uit die Kaapkolonie sou juis die moontlikheid van gewapende verset deur heethoofde uit die weg ruim. 'n Positiewe daad sou die ongemaklike, spannende, passiewe gegriefdheid oor toestande in die Kaapkolonie kon vervang.[5] Die ongerief en risiko's van emigrasie sou goeie, volop grond vir landbou en veeteelt in die noorde en noordooste feitlik verniet (teen reiskoste of goedkoop inruilkoste van inboorlinge) aan Trekkers besorg; en vanselfsprekend sou die voorste Trekkers die eerste keuse hê. Vir die avontuursugtiges en die ambisieuses sou daar volop geleenthede wees om hulleself uit te leef. Grootse ideale het by leiers vaagweg begin wink. Demokratiese selfbestuur – 'n strewe van drie geslagte van Afrikaanse grensboere – sou verwesenlik kon word. 'n Eie staat sou 'n eie Nie-Blanke-beleid moontlik maak: nuwe inboorlingbure in die noorde en noordooste sou volgens eie insigte hanteer kon word; en aan arbeiders sou daar waarskynlik nie 'n gebrek wees nie.

Om die trekgedagte in 'n reeks konkrete stappe om te sit, sou egter talle probleme oplewer. Die Afrikaanse grensboer was inherent behoudend. Die revolusionêre neigings wat wel periodiek by hom aangetref word, het hy nie so spontaan uitgelewe nie. Dit was eerder reaksies teen die ultrakonserwatiewe

5. Preller, *Vm.*, I, pp. 115–116.

beleid van die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie wat tydens 'n vormende anderhalwe eeu 'n beklemmende hand oor hom probeer hou het.

Dit sou nie so maklik wees om die trekbeweging aan die gang te sit nie: min grensboere sou die eerste Trekkers wou wees wat die spit sou afbyt; verreweg die meeste grensboere sou verkies om eers te sien hoe die voorste mense vaar. En dit was juis een van die kardinale probleme van die Groot Trek – dat daar genoeg Trekkers moes wees om die beweging stewig te laat posvat. Sonder voldoende ondersteuners om die trekgedagte in 'n daad te omskep, sou dit nie maklik ingang vind by die breë massa van ontevrede grensboere nie. Vir baie mense het die Groot Onbekende 'n bedreiging vir goed en vir lewe ingehou, miskien nog in 'n grotere mate as die goed bekende bedreiging in die Kaapse grensdistrikte. Baie sou huiwer om tromp-op die koloniale wette i.s. landverlating en die meeneem van wapens en ammunisie te oortree: sommige sou die vraag gestel het wat van hulle sou word indien hulle, nadat hulle hul koloniale wortels uitgetrek het, langs die lang pad voorgekeer sou word? Heelwat meer inligting oor werklike en moontlike gevare in die binnelande sou deur baie verlang word. Sou die nuwe grense veiliger wees as die Kaapse Oos- en Noordgrens? Sou hul boerderybedrywighede dus lonend voortgesit kon word te midde van wilder mense en wilder diere en gevaarliker siektes vir albei?

Die essensiële oortuigingswerk en noodsaaklike voorbereiding is in geheimhouding gedoen. Openbare byeenkomste en openlike besprekings van 'n samespanning om koloniale wette onder verkose leiers te oortree, sou hulle aan 'n aanklag van hoogverraad of opstand blootstel. Hatting getuig inderdaad dat die grensboere „bang waren van door 't Goevernement voor rebellen gehouden te worden . . ."[6] Dat verantwoordelike leiers nie in 'n vroeë stadium aangewys kon word nie, moes noodwendig die organisasie van die Trek baie belemmer het. Mense wil tog vanselfsprekend weet vir wie hulle volg. In sulke geweldig uitgestrekte grensstreke sou dit besonder veeleisend wees vir die potensiële leiers om behoorlik met mekaar en met potensiële volgelinge kontak te maak om nie alleen gemeenskaplike en opvallende probleme op te los nie, maar om veral die onvoorsiene moeilikhede wat gedurig opgeduik het, uit die weg te ruim. Dit sal blyk uit ons ontleding van die ontvlamming van die trekgedagte in die volgende hoofstuk.

As gevolg van hierdie geheimhouding is dit vandag uiters moeilik om vas te stel wat heel aan die begin, toe die trekgedagte in die trekdaad omgewerk moes word, presies gebeur het. Aan die een kant kan ons nie verwag om uit kontemporêre amptelike en half-amptelike bronne veel wys te word nie; aan die ander kant bestaan daar nie tydgenootlike private grensboerbronne wat die organisasie en reëlings belig nie, terwyl die getuienis van baie Trekkers op hoë ouderdom dikwels onbetroubaar is, al sou die persoon nog self vroeg in sekere bin-

6. *Ibid.*

nekringe van die Voortrek beweeg het. 'n Mens hoef net 'n paar van die gesaghebbendste herinneringe van Voortrekkers op veel latere leeftyd krities te ontleed om te besef hoe veel tasbare vergissings en feitefoute daarin voorkom.[7] Dit is veral die chronologie (hier van kardinale belang) wat dikwels verward is. Daar kan maar min waarde geheg word aan latere aansprake van persone wat presies sou weet hoe die trekgedagte heel aan die begin in konkrete aksie omskep is.

Opvallende vrae soos wie die organiseerders was wat die sogenaamde verkenningskommissies sou uitgestuur het, wie presies die lede daarvan was, uit watter distrikte die kommissielede afkomstig was en wat hulle presies gerapporteer het, kan nie altyd maklik op afdoende wyse beantwoord word nie. Hierdie tweede vlaag van verkenning is van die grootste belang: dit is een van die eerste stappe wat organiseerders en belangstellendes gedoen het om dié beweging aan die gang te sit. 'n Behoorlike begrip van tendense in hierdie stadium kan heelwat daartoe bydra om talle vername latere strominge, soos trekrigtings, Trekkerpartyverdelinge en die verhouding tot die Britse regering, in die regte lig te sien.

Feitlik alle gesaghebbende geskiedkundiges soos Preller,[8] Cory,[9] Walker[10], Nathan[11] en Van der Walt[12] wat 'n studie van die voorbereiding van die Groot Trek gemaak het, gee basies dieselfde relaas. Theal is 'n belangrike uitsondering.[13] Die gewone relaas lui dat Piet Retief en Gert Maritz die hooforganiseerders was; dat die twee leiers drie kommissies uitgestuur het om in drie verskillende rigtings (na Damaraland in die noordweste, Soutpansberg in die noorde en Natal in die noordooste) die onbekende te verken; dat, nadat die laaste kommissie vroeg in 1835 teruggekeer het, finale reëlings getref is om die emigrasie te laat begin. Dié relaas klink aanneemlik: sowel Retief as Maritz was later vername Voortrekkerleiers en die drie rigtings is die drie logiese alternatiewe rigtings wat oorweging verdien het.

Wanneer ons die relaas net so aanvaar, kom ons egter voor verskeie moeilikhede te staan. Die drie rigtings (soos in die vorige hoofstuk uitvoerig aangetoon) was reeds goed verken en betreklik betroubare inligting oor baie noordelike streke was reeds mondeling, op skrif en in beeld beskikbaar gestel aan ontevrede grensboere. Dit skyn dus (soos ook reeds vermeld) dat hierdie ver-

7. Vgl. o.a. Preller, *Vm.*, I–IV; L. J. Nel, *Herinneringe uit die Voortrekkertyd*, Pretoria, 1939; L. Rompel-Koopman, *In het Land van Piet Retief*, Pretoria, 1919; D. C. Uys, *Die Voortrekkers*, plek en jaar van publikasie onvermeld; M. J. de Jager, *Geschiedenis van de Voortrekkers*, plek en jaar onvermeld.
8. *Vm.*, I, pp. 270–273. Hoewel lank nie meer gesaghebbend nie, is Preller jare lank deur gesaghebbende skrywers nagevolg.
9. *The Rise of South Africa*, III, p. 401.
10. *The Great Trek*, pp. 94–95.
11. *The Voortrekkers of South Africa*, pp. 19–21.
12. Van der Walt, Wiid en Geyer (reds.), *Geskiedenis van Suid-Afrika*, I, pp. 277–278.
13. *History of South Africa since 1795*, II, p. 272 vlg. en 343.

kenning meer daarop bereken moet gewees het om die trekgedagte as gevolg van vollediger gunstige inligting, eerstehands meegedeel, te laat posvat; daarby kan bygevoeg word dat die voorstanders van sekere trekbestemmings na oortuigender redes vir daardie besondere rigtings op soek kon gewees het.

Dat Piet Retief in hierdie stadium as geheime organiseerder van die Groot Trek sou opgetree het, kan ons glad nie aanvaar nie. Weliswaar het hy in Augustus 1832 aan siviele kommissaris Campbell van Albanie die idee van 'n grensboeremigrasie in die vooruitsig gestel, maar dan met verlof van die Britse owerheid.[14] Uit latere woorde deur Retief gebesig, is dit heeltemal duidelik dat hy in 1836 nog glad nie 'n oortuigde voorstander van die trekgedagte was nie. In 'n private brief aan familie gerig (vermoedelik vroeg in 1836), laat hy hom soos volg uit: „Ik zal de onderneming nog wat uitstellen . . . (ik) leeft nog op hoop van verbetering."[15] Uit Retief se woorde as regeringsamptenaar 'n bietjie later in 1836 blyk dit dat hy probeer om die grensboere in die Kolonie te hou. Aan luitenant-kolonel H. Somerset spreek hy in Augustus die hoop uit dat die grensboere oorreed sal kan word om te bly. Met die hulp van Stockenstrom wil hy „de so onmisbaare persoone" terughou in die Kolonie.[16] Nadat Potgieter en Maritz reeds weg is op trek, skryf Retief aan die luitenant-goewerneur dat hy sy bes doen om die grensboere te kalmeer en dat hy hulle probeer verseker „dat wij nu op het punt staan gerust en beeter leeven te verwagten". Hy deel Stockenstrom „met diep leedweesen" mee dat op dieselfde dag as waarop hy skrywe (18 Oktober 1836) „tien families van haast mijn dapperste manschappen uit mijn wijk over de grinse gaad . . ."[17] Hierdie verklarings deur Retief lei ons tot die slotsom dat hy nouliks enige belangrike aandeel in die voorbereiding van die Trek kon gehad het. Ons onderskryf prof. H. B. Thom se volgende uitspraak:

„As hy in hierdie verband aktief opgetree het, dan het dit maar op geringe skaal geskied en seker ook meer in die gees van 'n belangstellende buitestaander as 'n ernstige voornemende Trekker. Waarskynlik was dit sy betrekking onder die Regering wat remmend gewerk en hom daarvan weerhou het om al vroeg ernstige oorweging aan die trekgedagte te skenk en aan die voorbereidingswerk 'n noemenswaardige aandeel te neem."[18]

'n Mens kan nie anders as om tot die gevolgtrekking te kom dat Piet Retief 'n huigelaar moes gewees het (wat hy volgens alle getuienis beslis nie was nie) indien hy aktief sou meegehelp het om die Trek te organiseer terwyl hy bostaande woorde in 1836 geskryf het nie. Selfs teen Oktober 1836 het Retief nog

14. Ay. 8/83: Misc. Letters, 1832, gedateer Coeroemo Bosch, 25 Aug. 1832 (K.A.).
15. *De Meditator*, 15 Mei 1838.
16. Franken, *Piet Retief se lewe in die Kolonie*, p. 388, brief uit Winterberg, gedateer 24 Aug. 1836.
17. *Ibid.*, p. 396.
18. *G.M.*, p. 85.

probeer om sekere grensboere te ontmoedig om te trek. As staatsamptenaar kon hy bes moontlik op halfhartige wyse die Trek teengegaan het; hy kon self nie meer geglo het dat die Trek gekeer kon word nie; hy kon somtyds selfs advies aan voornemende Trekkers gegee het wat nie daarop gemik was om die trekgedagte te bestry nie – maar hy kon beslis nie een van die vroegste propageerders en organiseerders van die Trek gewees het en terselfdertyd as eerbare man as veldkommandant aangebly het nie. Piet Retief is eers teen die einde van 1836 finaal tot die trekgedagte bekeer en kon dus nie vroeg 'n aandeel in die trekorganisasie gehad het nie.

Aangesien die beweerde aandeel van Piet Retief in die sogenaamde drie verkenningskommissies nie korrek is nie, ontstaan die vraag of al die ander bewerings deur geskiedskrywers in dié verband wel aanvaarbaar is. Weens die skerm van geheimhouding oor die omskepping van die trekgedagte in die trekdaad, beskik ons slegs oor baie karige getuienis wat ook moeilik gekontroleer kan word. Steun historici nie soms te sterk op karige getuienis, sonder om dit eers aan 'n deurtastende, kritiese ontleding te onderwerp nie? Die vraag kan ons slegs afdoende beantwoord deur te bepaal op watter bronne die geskiedskrywers gesteun het en hierdie bronne deeglik krities te ondersoek.

Die enigste twee erkende bronne vir die bewering dat daar op die vooraand van die Groot Trek georganiseerde verkenning deur die uitstuur van drie bepaalde kommissies was, is die „Narrative of Willem Jurgen Pretorius (1834–1839)" deur J. Bird in sy *The Annals of Natal*, I, in die jare tagtig van die negentiende eeu gepubliseer[19], en *Mr Rudolph's Reminiscences of South African Pioneers*, versorg deur E. V. Bambrick en in 1905 gepubliseer.[20] Laat ons die betrokke gedeeltes van die twee bronne langs mekaar lê en probeer vasstel of daar enige verband tussen hulle is.

W. J. Pretorius

The project of an extensive emigration had suggested itself to many of the colonists before the year 1834, but until that date no organization existed for giving effect to their desire of withdrawing themselves from the control of the English Government . . . Pieter Retief and Gerrit Maritz were the leading men in the movement. They sent three parties (called "commissions") of their countrymen to explore the country beyond the Great (Orange) River. The proceedings for stimulating and organizing the emigra-

G. M. Rudolph

The project of an extensive emigration had suggested itself to many of the colonists before the year 1834, but until that time no organisation existed to give effect to their desire to withdraw themselves from the control of the Government . . . Pieter Retief, of Fort Bowford, and Gert Maritz, of Graaf-rienet, were the leading men of the emigrants. They had meetings and consultations with other leaders, the result of which was that they sent three exploring parties to the countries beyond the Orange

19. Kaapstad, omstrecks 1885.

20. G. M. Rudolph, „The Voortrekkers" is oorspronklik in vyf dele gepubliseer in *The Greytown Gazette and Lion's River County Herald* van 15, 22, 29 April, 6, 13 en 27 Mei 1905. Nog dieselfde jaar is dit te Greytown herdruk as *Mr. Rudolph's Reminiscences of South African Pioneers, edited by Edward V. Bambrick.*

tion were kept very secret; there was a necessity for this at that time, though no reason for it existed when the exodus actually occurred. Secrecy was easily attained, because for many years numbers of colonial Boers had sought a change of pasture beyond the Orange River. They had never gone to any great distance from the boundary. It was known to the Civil Commissioners of the neighbouring districts in the colony that the change of pasture was an advantage, and it was permitted on the understanding that there was to be no permanent occupation of the new fields. Once a year an order was sent out for the Boers to return within the frontier line, and they always obeyed the order. The explorers, therefore, were not looked on with suspicion when they crossed the Great River.

One of the exploring parties went through Kafirland to the harbour of Natal. Amongst these, the men of principal note were Stephanus Maritz, Jacobus Uys, Karl Landman, Johannes de Lange, and Jacobus Moolman. The "Commission" under Scholtz went towards Zoutpansberg. There they found the family of Buys, who had fled from the Cape after the occurrences at Slagter's Nek. I was one of the third party, under Johannes Andries Pretorius, which went north-west to the "Dorse-land" (the parched country – Damaraland).

Towards the end of 1834, and early in 1835, the explorers returned and made their reports.

A consultation was then held. Maritz rode round the country to induce, and make arrangements for, emigration.

River. They kept these proceedings secret thinking there was necessity for doing so at that time, though no reason for it existed when the exodus took place.

Secrecy was easily attained, as for many years Colonial burghers had been in the habit of trekking across the boundary, which was the Orange River, for change of pasture for their stock. They had, however, never gone to any great distance beyond the limit. This was not prohibited by the Civil Commissioners of the neighbouring districts as they knew of the advantages derived by change of stock pasture. It was, never-the-less, understood that there was to be no permanent occupation of the new fields, and once a year an order was issued for the farmers to return to within the frontier line. This order was always obeyed. The explorers therefore were not looked upon with suspicion when they crossed the Orange River.

The Trekkers and Troubles

One exploring party went to Port Natal and consisted of S. Maritz, P. Uys, J. Uys, G. Rudolph, Hans de Lange, J. Moolman, and about six others. A second party under leadership of Scholtz journeyed to Zoudspanberg, and a third party in charge of Johannes Pretorius went westward to Damaraland.

In 1835, immediately after the devastating Kafir War of 1834–5, these Commissioners returned and made their reports.

Consultation was then held. Maritz travelled around the country to induce the farmers and to make arrangements for the trek.

'n Oppervlakkige vergelyking bring dadelik aan die lig dat daar so 'n noue verband tussen die twee dokumente bestaan dat ons nie anders kan as om te besluit dat die een die ander nagevolg het nie. Die eerste sin, en baie ander sinne ook, is op enkele kleinere verskille na, presies dieselfde. Om die vraag te beantwoord watter getuie die ander nageskryf het, is ook nie te moeilik nie. Pretorius se getuienis is sowat twintig jaar voor Rudolph s'n ook in Natal in 'n bekende boek gepubliseer en was dus beskikbaar vir raadpleging deur Rudolph. Volgens Pretorius se getuienis (wat ons nie rede het om in hierdie verband te betwis nie) was hy as jong man van 25 jaar persoonlik mee met die verkenningstog na Damaraland.[21] Pretorius was dus in staat om sy getuie-

21. Bird, *Annals*, I, pp. 230–231.

nis o.a. op sy eie ervaring te baseer. As slegs 'n sesjarige seuntjie in 1834, moet Rudolph noodwendig die meeste van die persoonlike inligting waaroor hy beskik het, later van familie en vriende uit die ouere geslag gekry het. Sy vader, J. B. Rudolph, sou nog 'n hele ruk teen die Groot Trek gekant wees, maar sy Oom Gert (wie se naam hy self by die lede van Uys-kommissie voeg) was met die Uys-kommissie mee na Natal.[22]

Vir Rudolph was dit dus 'n natuurlike stap toe hy in April 1905 as 77-jarige grysaard in Hollands sy twee lesings te Greytown gegee het, dat hy en E. V. Bambrick, die versorger van die Engelse teks (alhoewel Rudolph Engels goed magtig was en dus die finale teks met oorleg kon goedkeur) van sy lesings, baie swaar op W. J. Pretorius se „Narrative" gesteun het.[23] Op die keper beskou, word Pretorius se relaas met enkele weglatings en byvoegings wat Rudolph (en/of sy redakteur) gepas beskou het, met hier en daar ander bewoordings, net so weergegee. Baie opmerklik is dit dat die enigste wesenlike verskil tussen die twee tekste die twee kommissies na Damaraland en na Natal raak. Daarby was die getuies persoonlik, of deur middel van familielede, by die kommissies betrokke. Pretorius wy meer uit oor die kommissie na die noordweste en meld sy eie aandeel daaraan; vir Rudolph is dit 'n onbekende, onbelangrike kommissie, sonder merkbare direkte resultate. Oor die Uys-kommissie na Natal, verreweg die belangrikste kommissie, is Pretorius baie beknop en soms ook foutief (in soverre hy bv. die leier Piet Uys weglaat en Karel Landman, wat glad nie mee was nie, onder die vernaamste lede plaas). Rudolph probeer vanuit sy persoonlike kennis Pretorius se vernaamste foute korrigeer en Pretorius se karige feite aanvul, sonder om te veel wysigings in Pretorius se volgorde van die lede aan te bring.

Ons moet dus tot die gevolgtrekking kom dat, behalwe vir enkele korrektiewe wysigings deur Rudolph in Pretorius se „Narrative" aangebring (die vernaamste waarvan die Uys-kommissie raak), die twee bronne basies identies is, en in so 'n mate dat Pretorius as die enigste grondgetuie aangaande die georganiseerde verkenning deur drie kommissies beskou moet word. Rudolph kon of wou nie enige basiese kennis daaraan byvoeg nie.

Om dieper deur te dring tot wat presies gedurende die tweede, uiters betekenisvolle fase van verkenning gebeur het, moet ons ons dus strak en krities op

22. Uitenhage 4/1: Doop Boek, 1817–1829, G. M. Rudolph, gebore 25 Sept. 1828, p. 540 (K.K.A.); C.O. 3975: Memorials Received, U–Z, Nos. 1–117, 1834, no. 2, P. L. Uys en andere aan D'Urban, 19 Julie 1834 (K.A.); *Vm.*, III, pp. 121–122; Chase, *Natal Papers*, I, pp. 89–91.

23. Inleidend by Rudolph se eerste deel word gesê dat dié lesing aangevul is deur akkurate verslae van verskillende partye bekom en „occasional excerpts of the 'Annals of Natal'". Nóg W. J. Pretorius nóg sy „Narrative" word egter genoem. Vgl. „Reminiscences", p. 4 en *The Greytown Gazette*, 15 April 1905, p. 3.

Tog aarsel Rudolph nie om o.a. Pretorius se foutiewe relaas van die slag van die Wit-Umfolozi reg te stel nie. Vgl. „Narrative", p. 235 teenoor „Reminiscences", p. 11.

die getuienis van Willem Jurgen Pretorius – nou die enigste basiese bron – toespits. Sy loopbaan moet kortliks nagegaan word ten einde vas te stel hoe hy aan sy kennis gekom het; of hy in staat en bereid daartoe was om ware feite korrek mee te deel; wanneer (en onder welke omstandighede) sy relaas aangeteken is of hy dit laat aanteken het, en hoe goed sy geheue op daardie tydstip was. Die betroubaarheid van sy „Narrative" moet dus krities ontleed word aan die hand van bekende, kontroleerbare feite sodat ook meer lig op die minder kontroleerbare feite gewerp kan word.

W. J. Pretorius (17 Oktober 1808 – 4 April 1889) is gebore in die distrik Graaff-Reinet as tweede seun van Johannes Andries Pretorius, 'n grensboer.[24] Getroud met Johanna Catharina de Beer voordat hy mondig was, in April 1828, het hy drie dogters ryker geword voordat hy op trek gegaan het.[25] Johannes Andries Pretorius was een van die rykste boere in sy uitgestrekte veldkornetskap Winterveld, waar hy sy plaas *Brandfontein* bewoon het, vermoedelik saam met sy seun. Willem Jurgen het in 1836 reeds 22 beeste en 450 skape o.a. besit.[26] In die groot distrik Graaff-Reinet was die veldkornetskap Winterveld een van die mees noordwestelike wyke, wat in Februarie 1837 onder die nuutgestigte distrik Colesberg geplaas sou word.[27] Op *Brandfontein*, digteby die latere dorp De Aar, het nòg vader nòg seun slawe aangehou.[28]

Volgens sy eie getuienis het Willem Jurgen die kommissie na Damaraland onder sy vader se leierskap in 1834 vergesel; en vermoedelik het hy teruggekeer voor die doop van sy tweede dogter op 3 Mei 1835.[29] Niks is verder oor die kommissie bekend nie, behalwe dat geen Voortrekkers, sover ons kennis strek, ooit na Damaraland getrek het nie.[30] Willem Jurgen het nie besonder vroeg getrek nie: in 1866 het hy aan die Vrystaatse Volksraad verklaar dat hy die Kaapkolonie in 1837 verlaat het.[31] Gevolglik kon hy, indien sy mededeling korrek is, die Slag van Vegkop, onder ander vroeë gebeure, nie meegemaak het nie.

24. Graaff-Reinet 3/2: Doop Boek, 1804–1810, p. 158 (K.K.A.).
25. G.R. 6/2: Huwelik Boek, 1806–1839, no. 26, pp. 116–117, 7 April 1828 (K.K.A.); G.R. 17/10: Matrimonial Court Vouchers, 1828–1830, onder datum 17 Feb. 1828, toestemmingsbrief van sy skoonouers; J. 138: Graaff-Reinet Opgaafrolle, 1835, Winterveld, p. 83 (albei K.A.); G.R. 3/11: Doop Boek, 1829–1833, 18 Feb. 1832, p. 126 agterkant; G.R. 3/12: Doop Boek, 1834–1837, 3 Mei 1835, p. 107 en 1 Jan. 1837, p. 268 (albei K.K.A.).
26. J. 139: Graaff-Reinet Opgaafrolle, 1836, Winterveld, p. 56, nos. 52 en 54 (K.A.).
27. Theal, *History of S.A. since 1795*, II, p. 164 en kaart teenoor p. 172; P. J. van der Merwe, *Noordwaartse Beweging*, kaart teenoor p. 304.
28. Vgl. Slave Office 6/61: Graaff-Reinet, Register of Slaves, B, 1820–1835 (K.A.).
29. G.R. 3/12: Doop Boek, 1834–1837, 3 Mei 1835, p. 107 (K.K.A.).
30. 'n Deurtastende ondersoek is gedoen in kontemporêre en latere bronne.
31. Ongedateerde memorie om 'n plaas deur Pretorius aan die Volksraad op sy sitting van 7 Mei 1866 voorgelê (afskrif van die Vrystaatse Argivaris ontvang in briewe gedateer 26 Oktober 1960 en 7 Desember 1960). Vir Pretorius se eie woorde kyk Hoofstuk I, voetnoot 6.

Met wie hy saamgetrek het, weet ons nie: moontlik kon hy met sy vader, wat *Brandfontein* op 16 April 1836 verkoop het, meegegaan het.[32] Dit kon egter nie voor 1 Januarie 1837 gewees het nie, want toe is sy derde dogter gedoop.[33] Teen Maart 1837 is sy vertrek nog nie uit Colesberg gerapporteer nie.[34] Hoe dit ook al sy, W. J. Pretorius is met Andries Pretorius mee op laasgenoemde se kommissiereis van vyf man op 22 Desember 1837 uit die Tugelavallei na Port Natal. Dit was 'n vinnige reis met twee perdewaens. Nadat die geselskap Nuwejaar met 'n paar Engelse op die baai deurgebring het, word die terugtog op 2 Januarie 1838 aanvaar. Vyf dae later het hy by die Tugelalaers aangekom. Daarna tref ons W. J. Pretorius by Piet Uys op sy noodlottige kommando aan as ooggetuie van die hinderlaag waarin sy leier geval het. Toe Gert Maritz daarna drie afgevaardigdes na die Kaapkolonie stuur om emigrasie aan te moedig en om hulp te vra, is Pretorius die afgesant na Beaufort-Wes. Teen Desember 1838 vind ons hom op die Winkommando.

Gedurende April tot Oktober 1839 reis hy weer na die Kaapkolonie op familiesake.[35] In 1840 word hy verkies as heemraad van Pietermaritzburg, maar weier om sy plek in te neem. Die volgende jaar word hy egter as sodanig aangestel. Teen Januarie 1842 word hy as volksraadslid van Natal verkies en ingesweer. Hy woon vergaderings getrou by en op 15 Julie 1842 onderteken ook hy die deklarasie van onderwerping aan die Britse regering. Pretorius bly nog raadslid, word weer as heemraad gekies vir 1843, en in Augustus van daardie jaar ook herkies as volksraadslid. Toe hy in Augustus 1844 nogmaals as lid van die hoogste wetgewende liggaam herkies word, weier hy om verder te dien.

In Februarie 1847 tref ons hom nog te Pietermaritzburg aan, as 'n agent vir J. D. Cilliers van Sandrivier, Winburg.[36] Met A. W. J. Pretorius maak hy 'n jaar later gemene saak in sy verset teen sir Harry Smith in die Transoranje.[37] Teen 1854 verskyn hy weer op die voorgrond as mede-ondertekenaar van die Bloemfontein-Konvensie.[38] Hy vestig hom as boer in die Republiek van die Oranje-Vrystaat, waar hy, volgens sy eie latere getuienis, tot sy groot skade daadwerklike dienste aan die staat gedurende die Basoeto-oorloë van 1866 en 1868 lewer.[39] In hierdie jare sestig, en weer in 1870, word hy deur die Volks-

32. Transfers and Mortgages, 15–19 Junie 1838, vol. 15, no. 116 (Kaapse Kantoor van Aktes).
33. G.R. 3/12: Doop Boek, 1834–1837, 1 Jan. 1837, p. 268 (K.K.A.).
34. Vgl. P. J. van der Merwe, *Noordwaartse Beweging*, pp. 374–375.
35. Bird, *Annals*, I, pp. 232–236.
36. J. H. Breytenbach (red.), *Notule van die Natalse Volksraad*, pp. 47, 51, 77, 123, 126, 133, 136, 139, 142, 147, 148, 150, 155–158, 165–167, 169, 178, 189, 213 en 226–227; S.G.O. III/5/5: no. 54, W. J. Pretorius aan D. Moodie, Pietermaritzburg, 23 Feb. 1847 (afskrif aan my voorsien deur mnr. W. B. van der Vyver, Argivaris te Pietermaritzburg, 2 Des. 1960).
37. Vgl. bv. sy nota i.s. ammunisie, gedateer Sandrivier, 28 Junie 1848, R. 144/48 in S.S. 1: 1829–1849 (T.S.A.).
38. Eybers, *Select Const. Docs.*, Londen, 1918, pp. 281–285.
39. Memorie deur W. J. Pretorius aan die Vrystaatse Volksraad op sy sitting in Mei 1881.

raad as heemraad benoem.[40] Teen 1873 koop hy die plaas *Driefontein* in die distrik Harrismith; twee jaar later tref ons hom aan te Flensburg (ook in die distrik Harrismith); en teen Mei 1881 woon hy (skynbaar as afgetredene) op die dorp Harrismith.[41] Kort daarna besluit hy om na Natal terug te keer. In Desember 1882 trou Pretorius weer, dié keer met Heyla Magdalena, gebore Van den Berg, te Pietermaritzburg en vestig hom weer daar, en wel op Erf no. 3, in Kerkstraat. In 1889 is hy daar oorlede en begrawe.[42]

Uit die kort lewenskets blyk dit dat W. J. Pretorius heeltemal 'n betekenisvolle rol gedurende die Groot Trek gespeel het, hoewel hy gewoonlik meer geneë was om ander te volg as om self leiding te gee. Tydens die tweede fase van verkenning was hy 'n nie onaansienlike jongman van 25 jaar wie se vader leiding geneem het in 'n verkenningstog na die latere Suidwes-Afrika. Pretorius het egter in 'n noordwestelike uithoek van die vir ons betekenisvolle Kaapse noordgrensgebied gewoon en dit het meegebring dat hy afgesonderd was van meeste van die Oosgrensboere uit wie se geledere die Voortrekkers by uitstek gekom het. Veral was hy vér verwyderd van die boere wat op die suidflank van die Oosgrens – in Uitenhage en Albanie – gewoon het. Die vraag ontstaan dus of hy oor hulle planne betroubare inligting kon kry. Daar was geen rede meer vir Pretorius om die ware feite, soos hy hulle geken het, oor die tweede fase van verkenning nie in sy „Narrative" mee te deel nie. Daar moet egter nog vasgestel word wanneer en onder welke omstandighede sy relaas aangeteken is, asook hoe betroubaar die kontroleerbare feite daarin is.

Die getuienis van Pretorius wek die indruk (ook by feitlik alle skrywers) dat dit nie baie lank na die laaste gebeure (van 1841) daarin vermeld, opgestel moet gewees het nie en dat die besonderhede dus nog vars in sy geheue was. Dit gee ook so 'n kompakte, besadigde en geloofwaardige relaas dat erkende geskiedskrywers van die Groot Trek dit as gesaghebbend aanvaar het.[43] Wanneer ons Pretorius se getuienis krities beskou, verrys heelwat meer en ernstiger vraagtekens as dié oor die beweerde rol van Piet Retief in die georganiseerde verkenning wat reeds hierbo gegee en as foutief gepostuleer is.[44]

Harrismith, 25 April 1881. Vgl. ook nog 'n memorie deur W. J. Pretorius aan die Volksraad, Flensburg, distrik Harrismith, 19 April 1875 (afskrifte van albei dokumente is aan my voorsien deur die Vrystaatse Argivaris op 7 Des. 1960).

40. Gegewens deur die Vrystaatse Argivaris aan my per brief op 26 Okt. 1960 verskaf.
41. Memorie deur W. J. Pretorius aan die Vrystaatse Volksraad, Harrismith, 8 Mei 1872, tesame met die memories in voetnoot 39 vermeld (afskrifte van al drie dokumente is op 7 Des. 1960 deur die Vrystaatse Argivaris aan my voorsien).
42. Testament van W. J. Pretorius, 20/1889, Pietermaritzburg, 22 Des. 1883, met codicille gedateer Aug. 1887 en 13 Julie 1888 (gesertifiseerde fotokopie deur Meester van die Hooggeregshof te Pietermaritzburg op 8 Okt. 1964 aan my voorsien); *De Natal Afrikaner*, 12 April 1889 en *The Natal Witness*, 8 April 1889 (afskrifte van doodsberigte deur die Natalse Argivaris aan my voorsien).
43. Vgl. bv. Preller, *Vm.*, I, pp. 270–273; Walker, *The Great Trek*, pp. 94–95; Nathan, *The Voortrekkers of South Africa*, pp. 19–21; Van der Walt, Wiid en Geyer (reds.), *Geskiedenis van Suid-Afrika*, I, pp. 277–278.

'n Paar opvallend foutiewe bewerings in Pretorius se „Narrative" gaan oor vername feite wat vandag maklik gekontroleer en as foute bewys kan word. Die vernaamste oorsaak van die Groot Trek, sê Pretorius, was „the dissatisfaction felt at the emancipation of the slaves, upon whose labour the colonists were dependent in their agricultural and other pursuits, and for whom the compensation made to their masters and owners was ruinously insufficient."[45] Dit is duidelik 'n uiters eensydige weergawe van die oorsake van die Groot Trek. Oor die eintlike redes vir die Groot Emigrasie openbaar Pretorius 'n verregaande onkunde. Hy het ver weg van die Oosgrens gewoon en ook van die meeste slawebesitters, het self nie slawe besit nie, en ignoreer heeltemal die landlopery en swak beheer oor Nie-Blanke arbeid. Hy was nie 'n heel vroeë Voortrekker nie. As inwoner van Winterveld, 'n veldkornetskap waar talle Trekboere gewoon het wat periodiek na die Transoranje verhuis het, skyn Pretorius veral met Trekboere te geassosieer het wat ook in die aangrensende veldkornetskappe van Uitvlugt, Bowe-Seekoerivier en Middenveld sterk gevestig was.[46] Die hele oosgrenssituasie laat hy buite rekening, asook die ernstige grief van ander boere dat Nie-Blankes as onbeheerbare landlopers chroniese onrus opwek. Òf sy geheue moet hom heeltemal in die steek gelaat het òf hy was nie self geroer deur enige van die beweegredes wat die rasegte Voortrekker gedwing het om sy land te verlaat nie. Albei affekteer die betroubaarheid van sy getuienis.

Volgens Pretorius was die vernaamste lede van die kommissie wat na Natal gegaan het, Stephanus Maritz, Jacobus Uys, Karel Landman, Johannes de Lange en Jacobus Moolman.[47] Wat onmiddellik opval, is die weglating van Piet Uys, wat deur ander kontemporêre en betroubare bronne onbetwisbaar as die leier van die kommissie aangewys word. Dat Karel Pieter Landman as derde lid van die kommissie genoem word, is 'n verdere tasbare fout. Terwyl welbekende kommissielede uit Landman se Uitenhaagse veldkornetskap van Onder-Boesmansrivier genoem word, was Landman self beslis nie saam nie. Die bewyse lê onomstootlik in die Kaapse Kantoor van Aktes dat Landman tydens die afwesigheid van die kommissielede in Natal twee koopbriewe in elke geval voor ses getuies in die Kaapkolonie onderteken het.[48] Nie alleen sluit dit sy teenwoordigheid in Natal uit nie, maar die blote feit dat Landman in dié stadium sy grondbesit in die Kolonie uitbrei, dui daarop dat hy nie nou sou wou trek nie. Eers in Junie 1837 sou hy sy plaas verkoop om in die daaropvolgende Oktober te emigreer.[49]

44. Kyk hierbo voetnote 15 tot 18.
45. Bird, *Annals*, I, p. 230.
46. P. J. van der Merwe, *Noordwaartse Beweging*, kaart teenoor p. 304.
47. Bird, *Annals*, I, p. 231.
48. Kyk Transfers and Mortgages, Sept. 1836, vol. 9, no. 19 en Aug. 1835, vol. 8, no. 104 (Kaapse Kantoor van Aktes, Kaapstad).
49. Transfers and Mortgages, 1–19 Des. 1837, vol. 18, no. 45 (Kaapse Kantoor van Aktes); *The Graham's Town Journal*, 19 Okt. 1837; Muller, „Veertig jaar uit die lewe

Op verdere foute in Pretorius se „Narrative" kan vlugtig gewys word. Moselikatse noem hy 'n broer van Dingane. Piet Uys sou volgens hom as opperbevelhebber van die sogenaamde Vlugkommando aangestel gewees het en Hendrik Potgieter sou hom daarop tydens die ekspedisie aan insubordinasie skuldig gemaak het. Piet Retief sou op 3 Februarie vermoor gewees het. Die sogenaamde Winkommando sou uit soveel as 600 ruiters bestaan het. By die Slag van die Wit-Umfolozi sou dit Karel Landman o.a. gewees het wat 'n terugtog beveel het, in teenstelling met die erkende opvatting dat dit Hans (Dons) de Lange was wat dié verstandige stap beveel het, strydig met sy bevelvoerder Landman se instruksie dat die kommando hom ter plaatse moes verdedig.[50]

Dit is uiters moeilik om onomstootlik vas te stel waar en onder welke omstandighede Pretorius se „Narrative" opgeteken is. Nieteenstaande herhaalde ondersoeke en navrae by baie instansies, kon geen definitiewe inligting oor die herkoms verkry word van die dokument wat John Bird op bladsye 230–237 van deel I van sy *Annals of Natal* (ongeveer in 1885 gepubliseer) afgedruk het nie. Bird sê in sy „Introductory Notes" dat Pretorius se relaas (soos vermoedelik ook ander dokumente) „was certainly, penned by the hands of men more qualified than the actual narrators to give expression to their experiences, and were not written or printed for many years after the occurrences which they relate: but there is no suspicion as to their being genuine, and they emanate from those who had seen and borne a part in all that took place in the country[51]". Dit is waarskynlik dat Bird, wat reeds vroeg onder Britse bewind in Natal diens aanvaar het, uit persoonlike kennismaking met Pretorius spreek.[52] Sover ons kennis van Pretorius strek, was hy 'n boer wat maar baie seldé briewe of memories, selfs in Hollands, opgestel het. Op 3 September 1844 verklaar hy dat hy nie meer as „Volksrepresentant" sal dien nie en as rede gee hy o.a. „ik gevoel aan my-zelven dat ik de vereischte bekwaamheden daartoe niet bezit; want ik ben maar een eenvoudige boer die voor zoo iets niet opgebragt ben."[53] Hy was beslis nie Engels magtig genoeg om sy relaas daarin op te stel nie. Wat hy dus op een of ander tyd te vertel gehad het, moet dus deur 'n ander persoon of persone neergeskryf en vertaal gewees het. Hoe goed die vertaling gedoen is, weet ons nie. Of Pretorius in staat was om die akkuraatheid van die vertaling te kontroleer, weet ons ook nie. Die voetnote in sy „Narrative" verteenwoordig skynbaar aanvullings wat Pretorius self gemaak

van die Voortrekkerleier Karel Landman," *Historiese Studies*, IV, 1, Maart 1943, pp. 27–31.

50. Bird, *Annals*, I, pp. 231–235.

51. *Ibid.*, p. 10.

52. Die feit dat Bird geen bron van herkoms in sy *Annals* gee nie en dat Pretorius gedurende 1882 tot 1889 in Pietermaritzburg gewoon het, terwyl Bird besig was om sy groot dokumenteversameling te kompileer, dui daarop.

53. Breytenbach (red.), *Notule van die Natalse Volksraad*, p. 226. Vgl. verder die briewe van 26 Okt. en 7 Des. 1960 deur die Vrystaatse Argivaris aan skrywer hiervan gerig; asook deur die Natalse Argivaris, gedateer 2 Des. 1960.

het, geoordeel op grond van die laaste voetnoot op bladsy 235, waar die verteller in die voetnoot as 'n Voortrekker aan die woord is.[54]

Bird se bovermelde persoonlike opmerkings op bladsy 10 van sy „Introductory Notes" skyn te bevestig dat hy na alle waarskynlikheid nie self die „Narrative" op papier gebring het nie. In dieselfde rigting gaan 'n brief aan my deur die destydse Natalse Argivaris, mnr. W. B. van der Vyver: „Die Natalse Argief beskik in die Bird-versameling oor heelwat informasie wat deur Bird opgeteken is na aanleiding van persoonlike onderhoude wat hy met Natalse pioniers gevoer het, dog daar bestaan nie so 'n verslag oor W. J. Pretorius nie. Dit het my ook nie geluk om óf 'n kopie daarvan óf 'n verwysing daarna in hierdie Argief op te spoor nie." Mnr. Van der Vyver skryf verder: „Wat die oorspronklike ‚Narrative of Willem Jurgens Pretorius (1834-1839)' betref, spyt dit my om u mee te deel dat ek na 'n deurtastende ondersoek nie daarin geslaag het om enige spore daarvan in hierdie kantoor te vind nie."[55] Die feit dat geen oorspronklike Hollandse of Engelse kopie van Pretorius se relaas êrens teruggevind kon word nie, maan ons tot versigtigheid i.v.m. die betroubaarheid van die teks. Met Bird betwyfel ons nie die egtheid daarvan nie; maar ons moet tog benadruk dat die gebrek aan kennis oor die omstandighede waaronder die herinneringe vertel, neergeskryf, vertaal, gekontroleer en verder versprei is totdat dit in Bird se hande gekom het en in sy *Annals* opgeneem is, 'n behoorlike kritiese ontleding van die teks bemoeilik. Wanneer die bovermelde foutiewe bewerings nog verder in ag geneem word, is dit duidelik dat dit as bron deur historici veels te hoog aangeslaan is.

Hierdie bedenkings word baie versterk as ten slotte ook nog bepaal kan word dat die „Narrative" eers sowat vyftig jaar na die beweerde uitstuur van die drie georganiseerde kommissies opgestel is. Uit 'n interne aanduiding in die stuk self kan dit bewys word. Pretorius vertel naamlik dat daar onder die liggame van die vermoordes wat saam met Retief gesterf het, ook aangetref is die liggaam „of the brother of my present wife, Pieter van den Berg[56]". Omdat dit bekend is dat Pretorius in Desember 1882 met Heyla Magdalena, gebore Van den Berg, getroud is, kon sy relaas, in sy bekende vorm, nie voor Desember 1882 opgestel (of vertel) gewees het nie; en *toe* was hy reeds 'n ou man van sowat 75 jaar.[57]

54. „Biggar was one of the few English residents near the harbour. One of his sons, with Ogle and others, had come to trade with the emigrants in February, just before the great massacre, and young Biggar was killed. The father sought to avenge his son's death, and had asked our permission to join the expedition that set out in the beginning of December." In die aanvulling aan die end van die teks op p. 237 is Pretorius weer aan die woord.

55. Brief gedateer 25 Okt. 1960. Vgl. ook die Natalse Argivaris se verdere brief, van 2 Nov. 1960, aan my: „. . . . wil ek hiermee bevestig dat ek nie in staat was om 'n eiehandigopgestelde skrifstuk deur W. J. Pretorius in hierdie kantoor op te spoor nie."

56. Bird, *Annals*, I, p. 234.

57. Testament van W. J. Pretorius, 20/1889, 22 Des. 1883 (Meesterskantoor, Hooggeregshof, Pietermaritzburg); *De Natal Afrikaner*, 12 April 1889.

Gevolglik moet aanvaar word dat dieselfde soort vergissings wat meermale by ander bejaarde Trekkergetuies, wanneer hulle later op hul geheue moet staatmaak, aangetref word, ook in W. J. Pretorius se „Narrative" verwag moet word.[58] Bewerings wat net deur Pretorius gemaak word en nie ook deur ander bronne gestaaf kan word nie, kan dus glad nie as bewese aanvaar word nie. Alhoewel ons aan die ander kant ook nie die bestaan van georganiseerde verkenning deur middel van die drie kommissies finaal kan weerlê nie, skyn dit twyfelagtig te wees of die tot dusver bykans deur alle historici aanvaarde relaas wel 'n korrekte beskouing is. Dit is aanvegbaar dat grensboere op die vooraand van die Groot Trek formeel drie kommissies in drie rigtings sou uitgestuur het om 'n totaal onbekende binneland te verken. Soos in Hoofstuk VII aangetoon, was baie verkenning reeds gedoen en was heelwat inligting reeds beskikbaar.

Uit die kontroleerbare feite rakende verkenningstogte in die drie rigtings sal ons nuwe siening oor die finale fase van verkenning op die vooraand van die Groot Trek later duideliker gestel kan word. Eers word die karige feite i.s. togte na die noordweste en die noorde aangebied, daarna die welbekende Uyskommissie na Natal behandel, en eindelik word met die somtotaal van ons kennis oor die beplande verkenning afgesluit.

Van die bestaan van 'n verkenningstog onder Johannes Andries Pretorius na die huidige Suidwes-Afrika weet ons slegs uit die „Narrative" van sy seun, Willem Jurgen. Laasgenoemde verklaar baie bondig dat hy self lid was van dié party. Van waar die geselskap afgereis het, wie die verdere lede daarvan was, langs watter roete hulle gegaan het en hoe lank hulle weggebly het, word nie vermeld nie. Ons kan met 'n redelike mate van sekerheid aanvaar dat hierdie verkenningstog wel plaasgevind het. Ander persoonlike besonderhede in W. J. Pretorius se „Narrative" aangebied, is gekontroleer en akkuraat bevind. So 'n lang tog moet op 'n jong man 'n diepe indruk gemaak het, sodat daar aanvaar moet word dat hy hom nie met die plaasvind daarvan sou vergis het nie.[59] Bowendien blyk uit ander, tydgenootlike bronne dat J. A. Pretorius en sy seun op die plaas *Brandfontein*, soos reeds vermeld, in die veldkornetskap Winterveld (baie naby die huidige dorp De Aar) van die toenmalige reusedistrik Graaff-Reinet gewoon het.[60] Pretorius was dus goed geplaas om 'n tog na die noordweste te onderneem. Ons vermoed dat W. J. Pretorius se algemene verklaring aangaande al drie die kommissies, te wete dat hulle teen die einde

58. Dit is 'n kernprobleem i.v.m. die vroeë jare van die Groot Trek en 'n bron van talle feitefoute by 'n pioniergeskiedskrywer soos Preller. Vgl. voetnoot 7 hierbo.
59. Bird, *Annals*, I, pp. 230–231. Geen kontemporêre bron oor die latere Suidwes-Afrika meld so 'n verkenningstog nie.
60. Transfers and Mortgages, 15–19 Junie 1838, vol. 15, no. 116; Quitrent Book, Inl. Revenue, vol. 38, Colesberg, 1837–1918, folio 579, 1 Sept. 1837 (albei Kaapse Kantoor van Aktes).

van 1834 en vroeg in 1835 sou teruggekeer en hul verslae uitgebring het, in besonder op sy vader se kommissie betrekking het.[61] Uit die feit dat sy tweede dogter, Johanna Catharina, op 19 Augustus 1834 gebore, op 3 Mei 1835 gedoop is, kan afgelei word dat W. J. Pretorius betyds terug was om die doopsakrament by te woon.[62] By implikasie moet verder afgelei word dat die kommissie ongunstig oor die noordweste gerapporteer het.

Oor die verkenningstog onder ene Scholtz na Noord-Transvaal weet ons nog minder; en daar is weer net W. J. Pretorius se getuienis daarvoor. Soos vermeld, vertel hy dat dit na Soutpansberg gegaan het dieselfde tyd as die ander kommissies, en dat dit die familie van Coenraad de Buys daar aangetref het.[63] Daar word nie eens vermeld wat die leier se voorletters was nie, hoe, en uit welke distrik(te), sy groep saamgestel was nie, en met watter aanbevelings hulle teruggekeer het nie. Aangesien Pretorius se inligting so vaag is, is dit ook moeilik kontroleerbaar en derhalwe baie moeilik om finaal vas te stel of daar in 1834 werklik so 'n verkenningstog uitgegaan het.

Dit kon moontlik in sekere opsigte 'n soortgelyke tog gewees het as dié waarvan Sarel Cilliers, ook op hoë ouderdom, in sy sogenaamde „Joernaal" vertel: „Wij had een Commissie gedaan met 10 man, tot aan Vet, Sand en Valsch Revier, en vond die landstreek woest, zonder inwoners, wij maakte een Memorie op aan de Gofferneur van de Kaap, 72 namen onderteekend, door huishoudende Menschen, die geen grond had, het werd ons geweigerd."[64] Ongetwyfeld is daar op die vooraand van die Groot Trek heelwat onbekende verkenningstogte hoër op in die Transoranje en na Transvaal onderneem.[65] Nie net verkenning sou die motivering van sulke togte gewees het nie: ook tegelykertyd die skiet en vang van skaars wilde diere en veral die ivoorhandel met inboorlinge. En die begin van die Groot Trek sou nog glad nie die einde van verkenning beteken nie. Ofskoon hul vroue en kinders meegegaan het, kan Louis Tregardt en Hans van Rensburg se heel vroeë trekke tog ook in wyere sin as verkenningstogte in hierdie rigting beskou word: hulle was daarop uit om die hoëre noorde en sy verbindinge met die ooskus te bespied voor die hoofgolwe van die Groot Trek aangerol gekom het. In 1836 nog sou die welbekende kommissie onder Hendrik Potgieter met o.a. Sarel Cilliers en J. G. S. Bronkhorst na Soutpansberg en verder noord gaan.[66]

Verkenning op die vooraand van die Groot Trek na die noordweste en die noorde kan nie altyd direk in verband met die trekgedagte gebring word nie.

61. Bird, *Annals*, I, p. 231.
62. G.R. 3/12: Doop Boek, 1834–1837, 3 Mei 1835, p. 107 (K.K.A.).
63. Bird, *Annals*, I, p. 231.
64. Gerdener, *Sarel Cilliers*, p. 131.
65. Vgl. Hoofstuk VII. Gewoonlik laat 'n verkenningstog 'n spoor na as daar een of ander onreëlmatigheid tydens die tog plaasgevind het waaroor verslag gedoen word. Wanneer daar 'n hofsaak volg, word daar verdere inligting beskikbaar gestel.
66. P. J. van der Merwe, *Nog verder noord*, Kaapstad, 1962.

Dit is ook waar van verkenning na Natal. Oor die Uys-kommissie na Natal is heelwat bekend, hoewel in 'n fragmentariese vorm. Kontemporêre amptelike en private stukke, met koerantberigte, maak dit moontlik om die buitengewoon groot getal herinnerings uit jare lank daarna met die oog op hul betroubaarheid te toets. Aangesien dit ook die belangrikste kommissie onder 'n later vername Voortrekkerleier in die vernaamste rigting was, moet waardevolle lig verwag word oor 'n moeilik peilbare sleutelgebeurtenis tydens die ontsluitingfase van die Groot Emigrasie.[67]

Die bewysbare feite van die kommissie na Natal is dat dit onder leiding van Pieter Lafras Uys, 'n 36-jarige boer uit die distrik Uitenhage, gestaan het.[68] Die geselskap is saamgestel uit sowat een-en-twintig Blankes, wat almal uit die suidelikste distrikte afkomstig was en van 'n gelyke getal Nie-Blankes vergesel was. Verreweg die meeste lede was woonagtig op die kusvlakte van Uitenhage, waar die veldkornetskap Onder-Boesmanrivier sterk verteenwoordig was; maar daar was ook die vername verkenner, J. H. (Hans Dons) de Lange, en enkele ander wat oorspronklik uit die distrik Albanie afkomstig was.[69]

'n Merkwaardige kenmerk van hierdie kommissie was dat die leier en drie lede, Jacobus Moolman, Petrus Lafras Moolman en Gerhardus Jacobus Rudolph, op 19 Julie 1834 formeel van goewerneur D'Urban verlof gevra het om die koloniale grense oor te steek „for a few weeks for the purpose of trafficking with the Bordering Nations . . ." Hulle onderneem „to conduct them-

67. Daar is nog geen stelselmatige, gedetailleerde studie van die Uys-kommissie onderneem nie. Soos hieronder blyk, moet uit talle, uiteenlopende, en mekaar dikwels weersprekende bronnefragmente, deur 'n nougesette kritiese ontleding, feite en motiewe gerekonstrueer word. Sommige vroeë geskiedskrywers was dikwels geneig om op grond van 'n beperkte seleksie van bronne (soms lank na die tyd opgestel) en met die uitsluiting van ander, weersprekende, bronne, hul relaas van dié kommissie op te stel. Latere skrywers het weer te geredelik hul voorgangers se feite en gevolgtrekkings aanvaar. As gevolg van hierdie en ander faktore kan vandag gesê word dat daar min sulke belangrike verskynsels in ons geskiedenis is waaroor ons so min sekerheid het as oor die motivering, die presiese verloop van sake tydens die halfjaar wat die tog geduur het, en die betekenis daarvan. Dit is 'n opvallende gaping in ons historiese kennis. In 'n poging om uit gebrekkige bronne die gaping aan te vul, is talle probleme teengekom, soos hieronder sal blyk.

68. Talle vername getuies bevestig dat Piet Uys die leier van die kommissie was. H. Cloete sê bv. in sy *Five Lectures on the Emigration of the Dutch Farmers* (Kaapstad, 1856): „a party headed by Piet Uys, Cobus Uys, Hans de Lange, Stephanus Maritz, and Gert Rudolph" het Natal rustig gaan verken (p. 62). Louis Jacobus Nel gee in sy herinneringe (soos deur dr. E. G. Jansen neergeskryf) die duidelike uitspraak dat die kommissie onder „leiding van Pieter Lafras Uys" uitgegaan het (*Uit die Voortrekkertyd*, Pretoria, 1939, p. 35). Van die belangrikste getuies is dit slegs Willem Jurgen Pretorius wat Piet Uys se naam heeltemal weglaat van sy „men of principal note" op die kommissie (Bird, *Annals*, I, p. 231).

69. Die identifikasie van hierdie persone lewer heelwat probleme op. Die laaste bewaarde Opgaafrolle (voor die Groot Trek) van Uitenhage (1826) en Albanie (1825) is nuttig, maar behoort aangevul te word deur die milisielyste in L.G. 55 (K.A.). Kyk verder in hierdie hoofstuk.

selves with propriety on their journey[70]." Toe die memorie na siviele kommissaris Van der Riet van Uitenhage en George verwys is vir 'n rapport oor die respektabelheid en werklike oogmerke van die applikante, het die amptenaar bevind dat die karakter en gedrag van die aansoekers sodanig is dat hy sonder aarseling kon aanbeveel dat die versoek toegestaan word. Oor die eintlike motiewe het hy nie kommentaar gelewer nie. Daar is egter nie verdere aandag aan gegee nie, want D'Urban het op 27 Augustus op grond van die siviele kommissaris se gunstige aanbeveling Uys en sy metgeselle se versoek toegestaan. Hierdie brief, deur Van der Riet aangestuur, het die geselskap eers in September bereik;[71] maar toe het hulle geen gras onder hulle voete laat groei nie. Die reënseisoen, met die vooruitsig van talle vol riviere in die Transkei en Natal, het reeds voor die deur gestaan. Op 8 September 1834 het Uys se geselskap na Natal vertrek.[72]

Natal word nooit as hul bestemming vermeld nie. Alhoewel dit vir die Britse owerheid duidelik moet gewees het dat volledige inligting oor die oogmerke van die geselskap nie voorsien is nie, is daar tog nie verder op ingegaan nie. Die merkwaardigste van alles is egter die feit dat, terwyl slegs vier persone aansoek gedoen het om verlof, daar soveel ander hulle by die geselskap aangesluit het. Hier is twee elemente van geheimhouding: ten eerste, dat daar gepoog word om die indruk te wek dat slegs 'n paar weke in Kafferland handel gedryf gaan word; ten tweede, dat verreweg die meeste van die lede van Uys se geselskap nie hul name opgee en ook nie formeel aansoek doen om te gaan nie.[73] Die geheimhouding was nie om dowe neute nie: iemand soos Hans de Lange (en moontlik ook sommige van die ander persone wat mee is) sou waarskynlik nie toestemming gekry het om op so 'n reis te gaan nie. Om verlof te vra vir 'n lang reis van baie maande (uiteindelik sou hulle sowat ses maande weg wees) deur sowat twintig Blanke mans en een Blanke vrou met 'n gelyke getal Nie-Blankes na die verre Natal sou 'n te groot risiko meegebring het dat die verlof geweier sou word; en wanneer dit eers geskied het, sou dit baie moeiliker wees om stilletjies weg te glip.

Dit sou nodig wees vir so 'n ekspedisie na Natal om formeel verlof te vra. Kort tevore was J. H. de Lange en sy metgesel W. P. Meyer nog voor die hof gedaag en beboet omdat hulle sonder toestemming Natal toe gegaan het.[74] Om Port Natal en op pad daarheen en terug sou die kommissielede Blanke

70. C.O. 3975: Memorials Received, U–Z, 1834, no. 2, P. L. Uys en andere aan D'Urban, 19 Julie 1834. Dit is deur O. G. Stockenstrom vir die aansoekers opgestel en onderteken (K.A.).
71. *Ibid.*, notas agter op die memorie; Uitenhage Argief 14/47: Reports on Memorials re Lands etc., 1831–1839, Uitenhage, 19 Julie 1834 (K.A.).
72. C.O. 2755: Uys se beëdigde verklaring van 5 Junie 1835 voor die Res.-Mag. van Uitenhage, bylae in no. 84, „Clerk of the Peace", Uitenhage, aan Militêre Sekretaris, 24 Junie 1835 (K.A.). In die verklaring is daar 'n duidelike verskrywing, 1835 vir 1834.
73. C.O. 3975: no. 2, P. L. Uys ens. aan D'Urban, 19 Julie 1834.
74. De Lange en W. P. Meyer het die vorige jaar verlof gevra om oorkant die koloniale

handelaars, jagters, sendelinge en ander reisigers ontmoet, sodat dáár geen sprake van geheimhouding sou kon wees nie. „Die handelwyse van die kommissielede", verklaar prof. Thom, „of hulle sou jag of wat hulle ook al doen, kon die Kaapse regering maklik ter ore kom, en hulle moes dus versigtig wees. Gevolglik besluit hulle om nie slegs te jag en te verken nie, maar veral ook om met die inboorlinge handel te dryf, sodat hulle vir 'n handelsekspedisie kon deurgaan en geregverdig sou wees om in kontak met die inboorlinge te tree.[75] Inderdaad sou die aankoms van die kommissie te Port Natal in *The Graham's Town Journal* van 6 Februarie 1835 gerapporteer word. Noodwendig moes die gereelde oorlandse en oorsese verbindinge tussen die Oosgrensdistrikte en Port Natal meebring dat ook mondelinge nuus oor die kommissie die Kolonie sou bereik.[76]

Dat Piet Uys die leiding van die kommissie op hom geneem het, het die suksesvolle beplanning daarvan verseker. Hy was uit 'n vooraanstaande en progressiewe familie. Sy vader, Jacobus Johannes Uys, was tien jaar tevore reeds die vernaamste merinoskaapboer van sy wyk en was nou 'n gesiene ouderling in die gemeente Uitenhage.[77] As dapper krygsman en bekende teler van goeie perde was die energieke, ondernemende Piet Uys self op uitstekende voet met baie Britse offisiere en beamptes.[78] Sy oudste seun, Jacobus Johannes, vertel in latere jare dat sy vader ook gehad het „veel vrienden onder de Engelschen, en vooral onder die militairen, die niet doortrokken waren van Philippynsche gezindheid".[79] Omtrent dieselfde tyd het Uys ook met die Goewerneur in verbinding getree. Dit is dus verstaanbaar dat Uys as goed aangeskrewe persoon sonder moeite amptelike goedkeuring vir sy verkenningstog verkry het.

As uitgesproke individualis wat die belange van sy Uitenhaagse beesboere

grens te gaan handel drywe, en toe dit geweier is en hul tog gegaan het, is hulle voor die hof gedaag „for going beyond the boundary without a Pass". Daarop is hulle elk met £5 beboet en die Britse regering het geweier om die boete kwyt te skeld of te verminder. Kyk C.O. 3964: Memorials, 1833, no. 89, De Lange en Meyer aan waarnemende Goewerneur, 9 Aug. 1833 (albei K.A.).

75. *G.M.*, p. 78.
76. Die Grahamstadse en Port Elizabethse handelaars het selfs 'n pad langs moeilike dele van die Transkeise kus gebou om verkeer met Port Natal te kan onderhou.
77. J. 374: Opgaafrolle Uitenhage, 1826, veldkornetskap Gamtoosrivier (K.A.); Muller, „Die Arrestasie van mev. Piet Uys op Sondag, 25 Okt. 1835", in *Historia*, XVII, 4, Des. 1972; Uitenhage 1/1: Kerkraadsnotule, 1817–1842, pp. 154, 156, 158 en 160 vlg. (K.K.A.). Vgl. ook Thom, *Die Geloftekerk*, p. 101.
78. C.O. 3967: no. 81, P. L. Uys aan Wade, ontvang op 25 Okt. 1833 (K.A.). Sir J. S. Alexander, wat saam met Uys aan die Sesde Oosgrensoorlog deelgeneem het, beskryf Uys as „a fine specimen of the manly character" (*Excursions in Western Africa*, II, 2de ed., Londen, 1840, p. 42). Vgl. verder Godlonton, *A Narrative of the Irruption of the Kaffir Hordes*, Faksimilee-herdruk, Kaapstad, 1965, p. 223.
79. J. J. Uys, de oude, aan redaksie, gedateer Blinkwater, 14 Aug. 1879, in *The Friend of the Free State*, 4 Sept. 1879.

voorop stel, sou Piet Uys glad nie geredelik instruksies van ander grensboerleiers aanvaar om, ooreenkomstig 'n patroon deur hulle uitgewerk, Natal te gaan verken nie.[80] Soos hierbo aangetoon, berus so 'n bewering aangaande die Natalse kommissie as deel van 'n breedbeplande skema slegs op gesag van die herinnering van Willem Jurgen Pretorius, vyftig jaar later aangeteken onder onsekere omstandighede. Inderdaad vergeet Pretorius die kardinale punt dat Piet Uys self die leier was van die Uys-kommissie. Alhoewel Pretorius se bewering, weens die skerm van geheimhouding en die verlies van talle belangrike dokumente, nouliks finaal weerlê kan word, moet dit, sonder bevestiging deur minstens 'n ander *selfstandige* getuie, as nie bewese beskou word. Piet Uys se bovermelde seun Jacobus vertel in 1879 dat, toe die griewe onder die grensboere begin oplaai het, sy vader sou gesê het: „Ek weet niet wat van's lands zaken zal worden; ik zal ryden om te zien of ik geen land kan vinden dat goed is voor my en myn nageslacht en landgenoten, en zoo ik dit niet vind ga ik naar Amerika, want die verdrukking wordt te zwaar."[81] Sy belangstelling in die Verenigde State van Amerika is 'n volkome individualistiese benadering wat by geen ander Trekkerleier aangetref word nie. Sowat drie jaar later sou Uys weer sy kennis van, en simpatieke gesindheid jeens, die Verenigde State openbaar toe hy op 14 Augustus 1837 aan die Caledonrivier as leier die resolusies van 'n groot groep Trekkers eerste onderskryf: „We purpose to establish our settlement on the same principles of liberty as those adopted by the United States of America . . ."[82] Dat dit beesboere van die Kaapkolonie se suidelike kusvlakte was wat Piet Uys na die Natalse subtropiese kusvlakte gelei het, dui verder daarop dat plaaslike inisiatief 'n vername rol gespeel het;[83] en die inisiatief en leiding het, sover vasgestel kan word, van Uys self uitgegaan. Daar bestaan verskeie kontemporêre aanduidings (waaroor meer later) dat Piet Uys hoegenaamd nie in Gert Maritz se gees van „Net die dood sal my terughou!" en die opstandige gees wat dit ingehou het, getrek het nie.[84]

Op die getuienis voor ons skyn dit dus onwaarskynlik dat die groot verkenningstog wat Piet Uys in September 1834 na Natal gelei het, met swaarbelaaide ossewaens vol voorrade vir die handel, die jag en, by uitnemendheid, die verkenning oor sowat ses maande, op Gert Maritz of iemand anders se instruksies sou gehandel het. Lede van Uys se geselskap, soos Johannes Stephanus Maritz, die oudste broer van Gert Maritz, en Gert Rudolph, die neef van Gert Maritz, kon natuurlik direk met laasgenoemde, of ander grensboerleiers, geskakel het.[85] Uit die distrikte Graaff-Reinet en Somerset(-Oos) word egter nie 'n en-

80. Dié karaktertrek is waarneembaar by Piet Uys as Voortrekkerleier. Kyk ook later in hierdie hoofstuk.
81. *The Friend*, 4 Sept. 1879.
82. Aangehaal deur Theal in *Willem Adriaan van der Stel and other Historical Sketches*, p. 285.
83. Vgl. Muller, „Veertig jaar uit die lewe van die Voortrekkerleier Karel Landman", in *Hist. Studies*, Maart 1943, IV, 1, pp. 18 en 31.
84. Thom, *G.M.*, p. 74.

kele verteenwoordiger onder die lede van die Uys-kommissie aangetref nie – en baie min uit Albanie. Uys se verkenningsgroep bestaan grotendeels uit vername beesboere uit die belangrike Uitenhaagse distrik se kuswyke, Onder-Boesmansrivier en die Tsitsikamma; en uit die sterkste en mees oostelike veldkornetskap – Piet Uys se eie veldkornetskap nog in 1834 – gaan verreweg die meeste lede.

Die presiese samestelling van die hele Uys-kommissie poseer talle, skynbaar onoplosbare, probleme.[86] Dat die vier persone wat verlof gevra het om te gaan, wel gegaan het, kan uit bevestigende tydgenootlike bronne bewys word. Oor Piet Uys self bestaan daar natuurlik geen twyfel nie. Hy het in 1835 nog in 'n beëdigde verklaring te Uitenhage bevestig dat hy in Junie en Julie 1834 tesame met Jacobus Moolman, Petrus Lafras Moolman en Gerhardus Jacobus Rudolph 'n memorie aan die Goewerneur voorgelê het waarin verlof gevra is om die koloniale grense oor te steek om met die inboorlinge handel te dryf; toestemming is in September ontvang. Dan voeg hy by: „We proceeded to Natal on the 8th September 1835 ('n duidelike verskrywing vir 1834), and in the month of March last, we all returned to the Colony, . . ."[87] Met die uitsondering van Jacobus Moolman, skyn alle lede van dié groepie toe in die wyk Onder-Boesmansrivier te gewoon het. In sy verlieslys van die Sesde Oosgrensoorlog verklaar Piet Uys dat hy 'n geruime tyd reeds grond op die Boesmansrivier bewoon het en dat dit sy woonplek was toe die Xhosa-inval plaasgevind het.[88] Gert Rudolph, die latere Voortrekkerkommandant, het toe juis nóu met Piet Uys geskakel. Uys en Rudolph het as grensboere saam op Rudolph se plaas *Rietvlei* in die Onder-Boesmansrivier gewoon. Volgens *The South African Commercial Advertiser* van 2 Augustus 1837 het Rudolph en Piet Uys daar gewoon „as Frontier Boers, devoted to mere grazing, with occasional hunting expeditions, commonly live:- No garden; no enclosures; a small mud hut, without windows or chimney, the door serving for both; and a mud floor. And even this wretched hovel was built by one of their wives during the absence of Roedolff and Uys on an expedition of observation, or to hunt Elephants at Port Natal". Rudolph het sy plaas reeds in 1836 verkoop en, in teenstelling met sy meer terughoudende broer, Johan Bernard (die latere weesheer in die Republiek Natalia en vader van die bekende Aletta Oosthuizen, gebore Rudolph), vroeg met sy broer Andries onder Gert Maritz die Kolonie verlaat. Die Rudolphs se moeder was 'n suster van Maritz se moeder.[89] Dit is duidelik dat

85. *Ibid.*, p. 77.
86. Dit is deel van die problematiek wat eie is aan die Uys-kommissie as geheel. Omdat daar nie genoeg betroubare bronne bewaar gebly het nie, kan (soos hieronder aangetoon sal word) nie met sekerheid bepaal word wie almal meegegaan het nie.
87. C.O. 2755: Uys se verklaring van 5 Junie 1835, bylae in no. 84, „Clerk of the Peace", Uitenhage, aan Militêre Sekretaris, 24 Junie 1835 (K.A.).
88. L.G. 55: Milisielyste, Uitenhage, Onder-Boesmansrivier, p. 150, no. 33 en p. 152, no. 83; L.G. 38: Memorials re War losses, 1835, no. 277, pp. 128–130 (albei K.A.).
89. Transfers and Mortgages, 24–31 Julie 1838, vol. no. 209. Daaruit blyk dat G. J.

kommissieleier Piet Uys en die vurige grensboer Gert Rudolph in noue assosiasie met mekaar in die ruie boswêreld van die Olifantshoek gewoon het. Olifantshoek het die eintlike kern gevorm van die enorme wyk Onder-Boesmansrivier waaroor die welskrywende Carel Valentyn Buchner reeds jare lank as veldkornet 'n wakende oog gehou het. Uit die Olifantshoek, waar 'n sterk konsentrasie beesboere op die Oosgrens se suidflank langs die see gewoon het, het Piet Uys dan die kern van sy verkenningsgeselskap gehaal. Dat dit juis dié beesboere sou wees wat te midde van toenemende onrus en ontevredenheid intens in die (volgens alle kontemporêre berigte) besonder aantreklike kusvlakte om Port Natal sou belang stel, is heel begryplik.[90]

Piet Uys het ook intieme skakels gehad met die ietwat veiliger westelike kuswyke van die distrik Uitenhage. Dit was die streke langs die Benede-Gamtoosrivier en -Krommerivier waar sy vader, die bekende ouderling en vooruitstrewende boer Jacobus Uys, op die plaas *Brakfontein* gewoon het. Op en digby *Brakfontein* het Jacobus Uys se uitgebreide familie gewoon, waarheen Piet Uys se vrou tydens sy afwesigheid in Natal en gedurende die Sesde Oosgrensoorlog kon verhuis. Nie alleen het die broers van Piet Uys toe daar geboer nie; maar ook baie lede van die groot familie Moolman, wat noue bande met die Uys-familie gehad het en vlak by Jacobus Uys gewoon het.[91] Dit is daar dat Jacobus Moolman hom op die plaas *Zeekoerivier*, net oos van *Brakfontein*, en wes van die Gamtoosriviermond, met sy vrou en agt kinders bevind het. Hy sou net voor Piet Uys van daar trek en die Uys-trek in die Koenap of verder noord inwag.[92] In die wyk Gamtoosrivier het daar minstens drie Piet Moolmans gewoon, onder andere Petrus Lafras Moolman, Wesselseun. Die Petrus Lafras Moolman wat Piet Uys op sy verkenningstog vergesel het, was sy kleinneef en het hom ook in die vooruitgeskowe Olifantshoek gevestig. Daar is sy plaas aan die mond van die Boesmansrivier (terwyl hy in Natal was) op Kersdag van 1834 deur die Xhosas oorval. Hy was die enigste bekende lid van die Uys-kommissie wat in sy lys van verliese in die Oorlog gely, verklaar het dat hy tydens die aanval op sy plaas afwesig was in Natal.[93]

Rudolph op 16 April 1836 sy eiendomme op 'n openbare vendusie verkoop het. Kyk ook *Vm.*, III, p. 119 vlg. en Thom, *G.M.*, p. 94.

90. Vgl. Muller, „Veertig jaar," pp. 18 en 27–31.
91. Muller, „Die Arrestasie van mev. Piet Uys op Sondag, 25 Oktober 1835", in *Historia*, XVII, 4, Des. 1972.
92. L.G. 278: no. 69, Siviele Kom. Uitenhage aan Hudson, 5 April 1837, bylae veldkornet T. J. Ferreira aan S. Kom. Uitenhage, 8 April 1837, p. 8 en J. 374: Opgaafrolle, Uitenhage, 1826, Gamtoosrivier, no. 34 (K.A.); Moolman-Versameling, Voortrekker-periode M, 13/8/4 en 13/3/15 (N.S.A.); L.G. 379: Verklaring deur Jeptha, ingeboekte arbeider van J. Moolman voor P. McRosty, Grahamstad, 29 Junie 1837 en op dieselfde datum aan die waarnemende Sekretaris van die Luit.-Goewr. deurgestuur, p. 33 vlg. (K.A.).
93. J. 374: Wyk Gamtoosrivier, nos. 40, 68 en 69; L.G. 30: Memorials re War Losses, 1835, no. 85. Sy verliese soos opgegee was swaar: Rds. 2810 (£210–15s) (K.A.)

Dit is 'n eienaardigheid van die Uys-kommissie dat verreweg die meeste van sy lede nie verlof gevra het om die koloniale grense oor te steek nie, maar volgens sterk getuienis tog Natal besoek het. Nieteenstaande die wette daarteen, het hulle, weens 'n besondere sameloop van omstandighede, daarin geslaag om geregtelike vervolging te ontduik. Dat hulle in oorlogstyd met groot oorleg langs 'n ompad na die Kolonie teruggekeer het, het daartoe bygedra. Hulle het bes moontlik in aparte klein groepies, of as enkelinge, noordooswaarts vanuit die suide beweeg en in Gcalekaland, of dieper die Transkei in, by mekaar aangesluit om hulle onder Piet Uys se algemene leiding te plaas.[94] Dat hulle by Louis Tregardt in Gcalekaland langs gegaan het, selfs sonder dat Tregardt of van sy familielede meegegaan het, kan dui op 'n indirekte skakeling met die voorste Voortrekker wat toe ook intens in die Natalse landstreek belang gestel het.[95] Een ding is egter duidelik, en dit is dat waar die pad na Port Natal 'n moeilike en gevaarlike weg was, daar 'n ervare en bekwame gids moes meegaan. In wilde Kafferland was 'n gewelddadige dood nie ongewoon nie.[96] 'n Beter gids as Hans (Dons) de Lange, die onverskrokke jagter en ontdekker van die Suid-Afrikaanse noordelike binnelande in talle rigtings, kon nie gevind word nie. Hans de Lange was juis toe met sy vader en broers digteby Louis Tregardt in Gcalekaland gevestig.[97] Soos hierbo gemeld, het De Lange met ene Piet Meyer in November 1832 na Port Natal op 'n jag- en handelstog gegaan en is hulle met hul terugkeer die volgende jaar beboet vir die oorsteek van die koloniale grens sonder verlof.[98] Omdat De Lange nou reeds oorkant die noordoostelike koloniale grens gevestig was, sou hy sonder gevaar as gids van die Uys-kommissie kon optree. Hans de Lange van die distrik Albanie het dan 'n vername groepie saamgestel uit boere wat in Gcalekaland digby Louis Tregardt gevestig was. Volgens oorlewering het 'n Piet en 'n Michiel Meyer

94. Daar word tot 21 name van Blankes opgegee as lede. Oor verreweg die meeste name is daar eenstemmigheid. Vgl. o.a. (Kit) Bird Papers, vol. II, brief deur J. J. Uys, W.-seun, aan redakteur van *De Natal Afrikaner*, 16 April 1897, pp. 128–130 (N.S.A.); Preller Vers., 99/1, no. 234, Uys-familie, no. 35 (T.S.A.); brief J. C. Vermaak, Dundee, Natal, 26 Feb. 1920; lys van lede van Uys-kommissie deur mnr. N. J. Vermaak van Dundee ('n kleinseun van C. T. Vermaak, lid van die kommissie) aan my persoonlik verskaf; *Vm., I*, pp. 275–276; L. J. Nel, *Uit die Voortrekkertyd*, pp. 35–37.
95. Vgl. Bylae no. XI hier agter.
96. Agter Xhosaland het die *Difaqane* jare lank reeds groot beroeringe veroorsaak en dit was bekend dat gewapende bendes nog daar rondgeswerf het. Dit was ook bekend dat Blanke handelaars en jagters daar vermoor is.
97. Vgl. Hoofstuk IX. Die besonder avontuurlike vroeë loopbaan van Hans de Lange kan nog intensiewer nagevors word (kyk Hoofstuk VII vir sy verkenningsrol op die vooraand van die Groot Trek).
98. C.O. 3964: no. 89, 9 Aug. 1833; P. Ffolliott en R. Liversidge, *Ludwig Krebs*, Kaapstad, 1971, p. 78. Krebs sê: „I gave them large orders for antelope, birds and insects, and provided them with all the necessary, for which I had naturally to pay." Dan meld Krebs 'n foutiewe berig dat hulle met hul Hottentotte vermoor sou gewees het. Vgl. Krebs se brief van Nov. 1833 aan 'n familielid in Duitsland geskryf (*ibid.*, pp. 76–78).

(vermoedelik uit die distrik Albanie) met die Uys-kommissie meegegaan. Dit kon beteken het dat Hans de Lange weer 'n lid van sy vorige geselskappie saamgeneem het. Adriaan de Lange, vermoedelik die vyftien-jarige seun van Hans de Lange, word ook deur oorlewering as lid van die verkenningsgeselskap aangegee.[99]

Dit staan vas dat Evert Frederik Potgieter, 'n buurman van Karel Landman in Olifantshoek, wat in 1838 sy bekende sertifikaat sou heg aan die Retief-Dingane-traktaat, en ook Volksraadslid in Natal sou word, wel 'n lid van die Uys-kommissie was. In 1852 het hy naamlik voor die „Natal Native Commission" verklaar dat hy in 1834 die eerste keer Natal besoek het, en dan vertel hy kortliks wat hy daar gesien het.[100] Nog 'n Olifantshoeker, wat volgens oorlewering as lid van die Uys-kommissie genoem word, is Johannes Stephanus Maritz, 'n ouer broer van Gert Maritz. Volgens prof. H. B. Thom dui sy teenwoordigheid op die kommissie die verband aan tussen die vroeë Voortrekkerleier Gert Maritz en die Uys-kommissie. Stephanus Maritz (soos hy bekend was) was 'n vername grensboer, wat later voorsitter van die Natalse Volksraad sou word. Saam met hom sou sy seun Salomon Maritz gegaan het.[101] Nog persone wat uit die wyk Onder-Boesmansrivier, volgens oorlewering, vir Piet Uys vergesel het, was Cornelis Tobias Vermaak (een van minstens drie Cornelis Vermaaks wat daar gewoon het) en Gert Knoetse.[102]

Uit die wyk Tsitsikamma, waar Piet Uys se vader gewoon het, het waarskynlik nog verdere ondersteuning vir die Uys-kommissie gekom. Van daar het sy jonger broer, die sowat 34-jarige Jacobus Johannes, meegegaan; tesame met Piet Uys se jongste broer, Johannes Zacharias, skaars vyftien jaar oud. Die enigste Blanke vrou wat die kommissie vergesel het, was Geertruida Johanna Uys, gebore Human, Jacobus Uys se eggenote.[103] Twee van Piet Uys se broers (en selfs een se vrou) het Piet Uys dus in Natal gaan ondersteun. Heelwat

99. Kyk *Vm.*, I, pp. 275–276 en die ander bronne onder voetnoot 94 vermeld.

100. Die getuienis van E. F. Potgieter berus in handskrif in S.N.A., II/1/3, no. (N.S.A.) en is gedruk op p. 20 van die Natalse Kommissie se verslag waarin hy verklaar: „I also found in 1834, when I first visited this country, that there were English people residing in the vicinity of the Bay . . . Messrs. Fynn, Ogle, and Richard King . . . I think the number (naturelle) seen by me in 1834, might have been between 2,000 and 3,000 souls. But at that time I was not inland to where Ladysmith now is; I did not go further than the Tugela on the coast." Kyk verder Muller, „Veertig jaar", pp. 17 en 18.

101. *Vm.*, I, pp. 275–276; Thom, *G.M.*, p. 77.

102. Lys van mnr. N. J. Vermaak, van Dundee, C. T. Vermaak se kleinseun, aan my verskaf. *Vm.*, I, pp. 275–276. Vermaak word dikwels foutiewelik as C. F. Vermaak aangegee. Vgl. J. 374: Opgaafrolle, Onder-Boesmansrivier, 1826.

103. Preller Vers., 99/1, no. 234, Uys-familie, no. 43 (T.S.A.); J. J. Uys het op 29 Maart 1823 met Geertruyda Johanna Human getrou (Uitenhage 6/1: Huweliks Register, 1818–1832, p. 89, K.K.A.); L.G. 278: no. 69, 5 April 1837, bylae T. J. Ferreira aan Van der Riet, 8 April 1837, p. 8 (K.A.); Muller, „Die Arrestasie van mev. Piet Uys op Sondag, 25 Oktober 1835", in *Historia*, XVII, 4, Des. 1972.

verdere familielede wat aan die groot Uys-familie verwant was, het sy kommissie vergesel. Hoewel verskillende oorlewerings uiteenlopende gegewens verskaf, skyn dit asof daar altesame twintig Blanke mans en een Blanke vrou was, met ongeveer 'n gelyke getal gekleurde bediendes en met minstens 14, maar moontlik 16 ossewaens met heelwat voorrade en handelsware. Veral Piet Uys het 'n aantal goeie ryperde meegeneem; en noodwendig moet 'n aansienlike aantal trekosse (ook as reserwes) meegegaan het.[104]

Wat was die presiese doelstelling van die groot geselskap wat onder Piet Uys se leiding hoofsaaklik uit die suidelike wyke van die distrik Uitenhage, uit die distrik Albanie, en uit Gcalekaland in die lente van 1834 na Natal op reis gegaan het? Die 36-jarige, ondernemende Piet Uys was reeds in baie opsigte ontevrede met toestande in die Kolonie. As beesboer en perdeteler in die distrik Uitenhage en deelnemer aan perderesies op die dorpe Uitenhage en Grahamstad, het hy rusteloos begin word. Hy het reeds 'n lang ent op die suidelike kusvlakte ooswaarts beweeg – vanaf die distrik Swellendam, die Tsitsikamma-wyk tot die vooruitgeskowe Onder-Boesmansrivier-wyk van die distrik Uitenhage. Noudat soveel vertel is oor die landstreek om Port Natal, wou hy met 'n groot sprong persoonlik gaan kyk hoe dié land en sy mense werklik was. Hy wou allereers vasstel of Kaapse grensbewoners in Natal plase sou kon bekom waarop suksesvol in redelike veiligheid geboer kon word. Oor Dingane is heelwat verneem en daar was reeds sprake van 'n Britse anneksasie van Port Natal. Soos alle grensboere, was Piet Uys lief om vreemde wildsoorte en groter troppe wild in nuwe jagvelde te gaan soek. Hy was ook bewus van die winsgewende handelsverkeer wat daar met die inboorlinge gedryf kon word. So 'n tog deur Kafferland sou dus 'n besonder aantreklike onderneming wees.[105] Heelwat van Uys se familie en vriende sou gretig wees om dit mee te maak. Aangesien Uys op goeie voet met Britse offisiere en beamptes verkeer het, sou hy die aange-

104. Uit die getal Blankes wat meegegaan het, kan reeds 'n skatting van die aantal waens gemaak word (vgl. voetnoot 94). Op die uitreis van die kommissie rapporteer kaptein A. B. Armstrong aan siviele kommissaris D. Campbell op 9 November 1834 van dié Klipplaat-sendingstasie dat drie waens geprobeer het om hulle by die voorste 12 aan te sluit (Ay. 8/85: Misc. Letts. Rec., 1834, ongenommer). Nadat die kommissie reeds 'n paar maande in Natal was, deel die handelaar J. Bertram aan *The Graham's Town Journal* van 6 Februarie 1835, in 'n brief gedateer 16 Desember 1835, mee dat 16 Boerewaens, begelei van veertig skuts, daar aangekom het.

105. Die probleem is dat ons nie oor kontemporêre private dokumente beskik wat lig werp op Piet Uys se eintlike motiewe nie. Dit is ook moeilik om die presiese chronologie van Piet Uys se griewende reaksies op publieke en private sake te bepaal. Van Natal het hy die vorige paar jaar soveel gehoor en gelees dat hy persoonlik ondersoek wou instel. Kyk o.a. J. J. Uys (sy seun) aan redaksie van *The Friend*, geskryf te Blinkwater, 14 Augustus 1879, in *The Friend of the Free State*, 4 September 1879 (vgl. G.S. 1267: J. J. Uys aan pres. J. N. Boshof, Blinkwater, 9 Maart 1858, ongenommer, V.S.A.); en P. L. Uys se eie kort beëdigde verklaring van 5 Junie 1835, C.O. 2755: bylae in no. 84, Uitenhage, 24 Junie 1835 (K.A.).

wese leier wees om die Owerheid te nader. Hy kies drie ander Afrikanerboere – almal uit die distrik Uitenhage – wat ook 'n onbesproke agtergrond het. Teen hulle kan niks ingebring word nie.[106] Maar die onderneming word veel wyer beplan: Hans de Lange word betrek en Louis Tregardt ingelig. Dit skakel tewens met Gert Maritz, wat die trekgedagte begin deurdink het.[107] Hoewel nog nie bekeer tot die trekgedagte nie, sou ook Piet Retief lewendig belang stel in alle eerstehandse verslae wat Afrikanergrensboere kon terugbring van die dunbevolkte landstreek om Port Natal waaroor reeds soveel in koerante en tydskrifte verskyn het, en waaroor soveel gerugte versprei is. Waar Retief en sy stiefseuns kort tevore in die noordelike binneland as nuwe Vaderland 'n aktiewe belangstelling getoon het, sou hulle vanselfsprekend belang stel in Natal, 'n natuurlike uitbreidingsfeer van die noordooswaarts-bewegende Kaapkolonie. Retief het Louis Tregardt so goed geken dat hy hom kort tevore as veldkornet by die Britse owerheid aanbeveel het. Ook met die Meyers van Albanie en Somerset was Retief vertroud.[108] Of Retief van die onderneming van Uys na Natal geweet het, is nie bekend nie. Dit is egter duidelik dat Uys op sy pad na Tregardt in Gcalekaland bes moontlik deur Retief se wêreld moet gegaan het.

Daar het egter geen besliste bewys bewaar gebly dat die kommissie wat Piet Uys in September 1834 na Natal gelei het, deel was van 'n groot opgesette, fynbeplande verkenningskema onder opdrag van latere Voortrekkerleiers georganiseer en uitgevoer nie. Dat dit 'n belangrike verkenningstog was waarvan lede se verslae gretig aangehoor is, moet aanvaar word. Dat dit die verkenningstog was wat, met sy gunstige verslae, op die vooraand van die Groot Trek die grootste uitwerking op die massa-emigrasie gehad het, staan vas. Dit het finaal bevestig dat die grotendeels ontvolkte Natal met sy goeie hawe 'n uitnemende nuwe vaderland sou wees. Die feit dat verreweg die meeste van die Voortrekkerleiers later Natal gekies het, het nie noodwendig beteken dat hulle die Uys-kommissie daarheen georganiseer het nie. Bewerings dat dit geskied het, dateer gewoonlik uit jare ná die Groot Trek, toe deelnemers aan die beweging die vertel van hulle herinneringe gepaar het met pogings tot eie geskiedskrywing; en hulle dus probeer sin gee het aan die roerende gebeure uit vervloë dae. Daar is gepoog om oorsake en gevolge te ontleed, dikwels sonder om die korrekte chronologiese volgorde van gebeure aan te gee. 'n Verdere vertroebelende faktor was vertolking in terme van partyskappe (wat soms hewig onder die Voortrekkers gewoed het) en in terme van familietrots, wat dikwels aan partyskappe verwant was.[109]

106. C.O. 3975: Memorials, no. 2, Uys en andere aan D'Urban, 19 Julie 1834 en amptelike notas.
107. Kyk o.a. Ay. 8/85: Oorspronklike, ongenommer, Tregardt aan Campbell, Indwerivier, 4 Nov. 1834; Thom, *G.M.*, pp. 77–80.
108. Franken, *P.R.*, p. 291.
109. Bird, *Annals*, I, pp. 230–231; *Vm.*, I, pp. 275–285 en 296. Hieronder word veral

Vandag is dit dus uiters moeilik om die hele voorgeskiedenis van die geselskap van sowat 40 persone wat onder die algemene toesig van die Uitenhaagse beesboer Piet Uys in die lente van 1834 deur die binneland van Kafferland gereis het, te rekonstrueer. Luister hoe die Volksraadslede van die Republiek Natalia (waaronder Willem Jurgen Pretorius, Evert Frederik Potgieter en Karel Pieter Landman) op 25 April 1842 hierdie deel van die verhaal van hul Groot Emigrasie aan die Koning van die Nederlande vertel het:

„Om deeze en veele andere grieven die een aanzienlyk boekdeel zouden opvullen indien dezelve met alle byzonderheden vermeld wierden werd de last voor de Hollandsche Zuid Afrikanen ondragelyk, doordien zy niet alleen in hunne tydelyke vooruitzigten en ondernemingen zich aan alle zijden bekneld vonden, maar ook hun nationnaal caracter geheel en al daarenboven geschonden en bevlekte werd. Aan opstand tegen hunne regeering konde zy niet denken, dit streed tegen hunne belydenis als Christenen, er was voor hun door Gods goedheid een deur geopend, die naar hun inzien te gelyk strekken konde om eene gewenschte uitkomst voor hun zelve te verleenen, en tevens eene weg te baanen, om de beschaving van de voorheen ontoegankelyke woeste volksstammen van Zuid Afrika te bevorderen. Eenige onzer landgenooten had den door togten en landreizen in de binnelanden, dat is ten Oosten en Noord Oosten van de Kolonie, grooten streeken ontvolkt, en onbewoond land gevonden, die zoo door deszelfs onbewoondheid als vruchtbaarheid, en gezondheid van water en klimaat, uitlokkend waren voor de landbouwer." Die vroeë geskiedenis van die Voortrekkers word vertel totdat Moselikatse verslaan en verdryf is. Dan word voortgegaan: „Wy vervolgde voorts onzen uittogt tot aan den Zuikerbosch rand omtrent 300 Engelsche mylen ten N. Oosten van Natal. Intusschen deed nu wylen den Heer P. Retief, onzen Gouverneur, eene togt om het land te bezien tot aan de Haven van Natal en vond hetzelve geheel ontvolkt met uitzondering van den omtrek van dien Haven, alwaar er zich in het woud aan zwarte inwoonderen omtrent 3000 zielen bevonden benevens omtrent twintig Engelschen, met zeer weinige uitzonderingen van het gemeenste volk, die om den yvoor handel, aldaar reeds eenige jaren hadden gewoond, en zich met de Naturellen hadden vermengd. Van daar ondernam den Heer P. Retief, eene expeditie naar den Zoola Koning Dingan door wien hy op het minzaamst wierd ontvangen, het land dat toen woest en bykans geheel ontvolkt lag van de Tugala rivier tot aan de Umsimvoobo of St. Jans rivier was door Dingan en zyn voorzaad Chaka veroverd geworden. Om dat land verzocht den Heer Retief aan Dingan en verklaarde zich gereed en geneegen om met hem Dingan in de naauwste termen van vriendschappelyke verstandhouding te verkeeren."[110]

i.v.m. Uys se verhouding tot Dingane aandag gegee aan herinneringe wat sterk partyskappe weerspieël.

110. J. H. Breytenbach (red.), *Notule van die Natalse Volksraad*, p. 401. 'n Gedeelte van die uittreksel is reeds aan die begin van hierdie hoofstuk aangehaal. Vgl. ook die

In dié algemene geskiedenis van die ontplooiing van die Groot Trek, deur kenners van die gebeure slegs sewe jaar na die terugkeer van Uys se verkenningsgeselskap in die openbaar opgestel, is daar geen direkte of selfs indirekte verwysing na 'n groot opgesette, fynbeplande verkenning van Natal onder opdrag van Voortrekkerleiers nie. Heeltemal in ooreenstemming met kontemporêre getuienis word vermeld dat enige van hul landgenote deur „togten en landreizen" in die binnelande ooswaarts en noordooswaarts groot onbewoonde en aantreklike streke vir die boer gevind het.[111] Merkwaardig in ooreenstemming ook met Piet Uys se motivering van sy buitekoloniale bedrywighede, verklaar die volksraadslede dat hulle verlang het om 'n weg te baan om die beskawing van die voorheen ontoeganklike woeste Suid-Afrikaanse stamme te bevorder. Uys se beëdigde verklaring van 1835 te Uitenhage afgelê, lui soos volg: „I swear as I shall answer in the day of Judgment – that our Party never expressed an unfriendly feeling towards the Government, nor was it our intention to return to Natal; it is true, I have on more than one occasion said that if the British Government would take posession of that Country, I would have no objection to go and reside there provided I could form a large party; *my intention* [*being*] *solely to assist in civilizing the Savages.*"[112] Uit ander elemente van hierdie beëdigde verklaring deur Piet Uys net na sy terugkeer uit Natal, skyn dit asof die verkenningsleier hom as 'n potensiële trekboer na Natal beskou het. As 'n Britse onderdaan sou hy hom met 'n groot geselskap daar wou gaan vestig. Soos in die volksraadsbrief word daar 'n bewussyn van 'n beskawingsroeping onder die Nie-Blankes aldaar uitgespreek. Ofskoon nie duidelik omskryf nie, val die herhaling van 'n soortgelyke idealistiese motief hier duidelik op. Inderdaad was Piet Uys tydens September 1834 en Maart 1835 op relatiewe goeie voet met die Britse owerheid. Dit was eers na sy terugkeer uit Natal

memorie van die Voortrekkers aan goewerneur Napier, Port Natal, ongedateerd, maar in November 1838 opgestel: „Op onderscheidene tyden, in kleine afdeelingen optrekkende, hadden wy besloten onze rigting in de directie van Port Natal te nemen, als zynde dat land door eenigen onzer die aldaar geweest waren, als zeer vruchtbaar en gezond beschreven, . . ." (*ibid.*, p. 265).

111. Kyk Hoofstuk VII.

112. C.O. 2755: Verklaring van 5 Junie 1835, bylae in no. 84, 24 Junie 1835. Kursivering deur my; punktuasie en hoofletters effens gewysig. Vgl. ook ds. F. L. Cachet se relaas wat hy in 1861 opgestel het op grond van inligting deur bejaarde Voortrekkers in Noord-Natal aan hom voorsien: „ . . . begonnen omstreeks 1835 de boeren te spreken van ‚trekken'; en ‚trekken' werd straks het wachtwoord door de geheele kolonie. Maar waar heen? Commissiën werden uitgezonden en brachten na eenigen tijd het bericht, dat aan de andere zijde van Grootrivier, aan den voet der Kathlamba bergen naar de zee, een goed en vruchtbaar land ligt, bijna onbewoond, goed voor vee en gezaaide, door vele waterstroomen doorsneden en, ver van de Engelschen. Dit was eene blijde tijding, en het was of men zich geroepen gevoelde een nieuw rijk te stichten, een Christenrijk in het midden der heidenen, die op die wijze nog wel tot het Christendom konden worden gebracht. Dit denkbeeld kwam spoedig tot rijpheid . . ." (*Vijftien jaar in Zuid-Afrika*, I, pp. 139–140).

dat sy griewe begin oplaai het. Toe het hy bewus geword van sy verliese deur die Xhosa-inval op sy plaas in Olifantshoek gely; toe is hy geskok deur die arrestasie van sy vrou op Sondag, 25 Oktober 1835 op grond van 'n aanklag deur 'n kwaadwillige en moedswillige ingeboekte oud-slavin, en ook van haar aanklag van aanranding teen hom. Dit was eers na sy terugkeer van Natal dat Piet Uys daadwerklik begin optree het as leier van sy Uitenhaagse beesboere om hul talle griewe onder die Britse owerheid se aandag te bring. Daarmee is hy nog besig toe hy in die loop van 1836 besluit om self uit die Kolonie weg te trek.[113] Hieruit kan afgelei word dat Piet Uys nie in die gees van die ander vroegste Voortrekkers soos Gert Maritz Natal toe is as deel van 'n breedopgesette skema om daar 'n Afrikanerrepubliek te help oprig nie.

Dat Gert Rudolph en J. S. Maritz vroeg saam met Gert Maritz die Kolonie verlaat het,[114] het nie beteken dat Piet Uys toe ook reeds besluit het om te trek nie. Inteendeel, daar is verdere aanduidings dat Piet Uys 'n heeltemal eiesoortige houding gehandhaaf het. Nog in 1835 versoek hy die Britse owerheid om plase vir hom en sy talryke familie digby die Klaas Smitsrivier in die Provinsie van Koningin Adelaide te verleen. Onder meer omdat dit oorkant die koloniale grense was, is dit uiteindelik geweier.[115] Toe Uys laat in 1837 die Caledonrivier bereik met sy trek, spreek hy en sy trek hulle alleen uit ten gunste van die regeringsvorm van die Verenigde State van Amerika. Dit weerspieël Uys se belesenheid en skynbaar ook sy bewondering vir die snel opkomende republiek in Noord-Amerika, waarheen, soos reeds vermeld, hy selfs oorweeg het om te emigreer as toestande nie betyds op die Oosgrens sou verbeter nie.[116] Uys vertoon en handhaaf, soms op hardnekkige wyse, 'n besonder selfstandige houding, wat later in Voortrekkergeledere heelwat verleentheid sou veroorsaak. Teen die einde van Januarie 1838 sou hy nie huiwer om hom, in 'n tot nog toe onbekende brief aan goewerneur sir Benjamin D'Urban gerig, sterk teen Piet Retief se beleid en optrede uit te laat nie. In sterk teenstelling met die ander Voortrekkerleiers, gaan hy sover om sy lojaliteit teenoor die Britse goewerneur uit te spreek.[117]

113. Muller, „Die Arrestasie van mev. Piet Uys op Sondag, 25 Oktober 1835" in *Historia*, XVII, 4, Des. 1972.
114. Thom, *G.M.*, p. 94.
115. G.H. 34/6: Index and Register to Frontier Letter Book, 1835, no. 320, P. L. Uys aan Britse regering, 22 Sept. 1835: „Praying for the grant of a farm including the Klaas Smits' river drift and Poort; and also, that farms may be granted to certain of his relations in the same neighbourhood." Dit is sewe dae later na die siviele kommissaris van Albanie en Somerset verwys, wat op 14 Oktober 1835 baie gunstig gerapporteer het. Geen antwoord word genoteer nie. Die oorspronklike berus in C.O. 8549: Land Memorials, Arrears, P. L. Uys aan D'Urban, 22 Sept. 1835. Die verwysing is deur dr. J. C. Visagie verskaf.
116. Sy seun J. J. Uys aan die redaksie van *The Friend*, 14 Aug. 1879, in *The Friend* van 4 Sept. 1879; Theal, *W. A. van der Stel and other Historical Sketches*, p. 285.
117. C.O. 3999: Memorials Received, 1838, no. 103, 24 Jan. 1838 (K.A.). Hierdie oorspronklike Engelse brief in die handskrif van 'n handelaar, J. M. Howell, 'n stiefseun van Lourens Badenhorst, 'n lid van Uys se trek, en deur Uys in die oostelike Transoranje onderteken, het nog nie tevore die aandag getrek nie.

Wat ook al die presiese doelstelling van Piet Uys met sy reis na Natal was (en weens die gebrek aan voldoende kontemporêre joernale en briewe deur hom nagelaat, is dit moeilik om dit finaal te bepaal), van sy metgeselle kon ander oogmerke gehad het. Gert Rudolph en J. S. Maritz, wat hulle reeds vroeg in 1836 gereed gemaak het om met Gert Maritz te trek, net sowat 'n jaar nadat hulle van Natal teruggekeer het; en Hans de Lange, die baanbreker-verkenner, wat baie ondernemings self aangevoer het – hulle sou ander gedagtes gekoester het. Die aard van die probleme aangaande die verlating van die Kolonie het meegebring dat lede van die Uys-geselskap aan die begin en die einde van hul tog waarskynlik apart gereis het. Kaptein A. B. Armstrong van die Cape Mounted Rifles het op 9 November 1834 van die Klipplaatsendingstasie aan siviele kommissaris Campbell van Albanie gerapporteer dat hy lede van die Uys-geselskap met drie waens teengekom het. Laasgenoemdes het naamlik die twaalf waens behorende aan Piet Uys, Gert Rudolph, Moolman en hul geselskap agternagesit, maar is deur veldkornet Groepe van die Katriviernedersetting verhinder om die Katberg oor te steek. Groepe het gerapporteer dat een van hierdie waens gelaai was met ploeë en wingerdstokke. Geen name word genoem nie en die nuwe roete wat die agterste waens daarna gevolg het, is ook onbekend. Hierdie lede van die Uys-geselskap kon hulle klaarblyklik eers in 'n latere stadium by die hoofgroep aansluit.[118]

Die algemene rigting wat die Uys-geselskap ingeslaan het, was noordooswaarts in die rigting van die Katbergpas. Nadat hulle die koloniale grens noordoos daarvandaan oorgesteek het, kon hulle oor die Klipplaatrivier naby die sendingstasie Shiloh gaan, en daarna oor die Swart- en die Wit-Keirivier. Om Louis Tregardt se woonplek te bereik, moet hulle die grasvelde om die Indwerivier opsoek. Soos reeds aangetoon, het Piet Uys en minstens twee lede van sy geselskap daar aangedoen teen omtrent die middel van September 1834.[119] Om Hintsa te besoek, moes hulle weer na die Transkeise kus reis. Hoewel nog by sy ou kraal digteby die Wesleyaanse sendingstasie Butterworth gevestig, het die opperhoof reeds sy verhuising tot digby die Tsomorivier aangekondig. Die Wesleyaanse sendeling John Ayliff, wat te Butterworth onder Hintsa se volk en die Fingo's gewerk het, is juis toe deur Hintsa se optrede teenoor die Blankes onder groot druk geplaas. Een Blanke handelaar is kort tevore, in Julie, vermoor terwyl 'n ander gewond is.[120] Op 23 September 1834 keer Ayliff terug uit Amapondoland op 'n inspeksiereis met die sendelinge Shepstone en Palmer, waar hulle sowat 30 000 krygers van Faku en N'Capai gesien het. Drie dae later, op Sondag, 26 September, preek Ayliff aan „a party of Dutch Farmers who was returning from the coast to the country which they at present

118. Ay. 8/85: Misc. Letts. Rec., 1834, ongenommer.
119. Kyk Plaat 13 en Kaart van 1836. Ay. 8/85: Tregardt aan Campbell, 4 Nov. 1834, ongenommer.
120. Acc. 80 (2): Journal of John Ayliff, Maart 1832 – 20 Junie 1850, onder datums 13, 21 en 26 Julie, 27 Aug., 3 Sept. 1834, bladsye ongenommer (K.A.).

occupy north of this".[121] Die Wesleyaanse sendeling noem geen name nie, maar skyn te verwys na Louis Tregardt se boere in Gcalekaland, wat toe juis hierdie dae in September lede van die Uys-geselskap moet ontmoet het. Om Hintsa te spreek, moet hulle hierheen gekom het en lede van Tregardt se nedersetting sou hulle bes moontlik die Sondagaand na die sendingkerk gebring het. In hul afgesonderde toestand het Tregardt se groep boere op Ayliff se geestelike versorging gesteun wanneer dit tussen sy kerstening van die Bantoe ingepas kon word. Toe Karel Tregardt 'n paar maande later 'n dogtertjie ryker geword het, het Ayliff op 15 Januarie 1835 die kind Martha Elizabeth Susanna in die Transkei gedoop.[122]

Dat Piet Uys se geselskap wel by Hintsa besoek afgelê het, word getuig deur Uys se broer (Swart) Dirk Cornelis in die herinneringe wat die Hollandse geskiedskrywer-onderwyser Odé in 1894 neergeskryf het. Dirk Uys, wat in 1834 sowat 20 jaar oud was, was nie saam met Piet Uys se kommissie nie. Eers op ongeveer tagtigjarige leeftyd kon Odé die relaas wat hy van sy broers en andere gehoor het, uit sy mond verneem. Dirk Uys vertel dat die kommissie ongehinderd deur die gebied van Hintsa en Faku getrek het. Op Hintsa se vraag waarheen Uys op pad was, sou Piet Uys geantwoord het „dat hij land zocht, want dat de kolonie hem te nauw werd". Op Uys se vraag of Hintsa grond vir hulle het om te bewoon, sou die opperhoof geantwoord het: „ja, ik heb 'n groot land hier open liggen, waar niemand woont, ik geef jou dat van de grote Rivier Somo tot aan de rivier Oemzimwoebo."[123] Daarop sou Uys na laasgenoemde landstreek gegaan het om die land te besigtig. Uys tref egter die Pondohoof Faku daar aan, wat hom ook sou vra waarheen hy op pad is, waarop Uys dieselfde antwoord as aan Hintsa gee. Daarop bied Faku hom weer 'n stuk land aan van ongeveer die Basheerivier tot ongeveer die Umzimvubu. Toe Uys navrae doen oor die gebied nog verder noordooswaarts, sou Faku antwoord: „ja, daar ligt 'n groot open land, en dat kunt gij bewonen tot aan Oemkomanzie . . ." Op Uys se antwoord dat hy die land sal gaan besigtig, voeg Faku by dat hy bly sal wees as hy tussen die Mpondo's en die Zoeloes wil gaan woon, want Dingane pla hom baie. Dit skyn heeltemal

121. *Ibid.*

122. Toe Hintsa op 18 November 1834 'n besonder dreigende houding teenoor Ayliff en sy stasie aangeneem het, het „the sudden and unexpected arrival of some Dutch Farmers who came to purchase things at the store" Hintsa groot laat skrik en dadelik laat padgee. Dat dit werklik Louis Tregardt se groep grensboere was, blyk uit 'n brief wat Ayliff twee dae later aan die siviele kommissaris van Albanie vanaf Butterworth namens Tregardt geskryf het. Daarin doen hy dringend navraag by Duncan Campbell oor wat die boere te doen staan, want hulle het verneem dat hulle vir sewe jaar gedeporteer kan word. Campbell word versoek om sy antwoord aan Ayliff te stuur (vgl. Hoofstuk IX, pp. 351–2). Die doopinskrywing verskyn teenoor 4–5 Desember 1834 van Ayliff se joernaal, waar genoteer word dat die dogtertjie op 29 Desember 1834 gebore is in „the new country north of Butterworth about 60 miles".

123. *Vm.*, I, pp. 276–277.

'n aanneemlike relaas te wees, want dit pas in by Uys se missie, soos ook Uys se antwoord: „als die land groot genoeg is, dat wij er met velen kunnen wonen, dan zal ik met zoveel mensen komen, dat Dingaan ons en jou niet meer kan plagen."[124] Hierbo het ons reeds Uys se uitlating aangegee dat hy na Natal wou gaan indien hy genoeg mense bymekaar kon kry om hom te vergesel.[125]

Die swaargelaaide waens het sover moontlik oor die grasbedekte heuwels weg van die moeilike riviermonde gehou en sodoende ook hul roete korter gesny. Hans de Lange was die gids en sy pad was 'n goeie wat tewens hulle ook weg van die kusroete gehou het. Handelaars en sendelinge het dikwels daar gereis en daarlangs kon onwelkome verslae oor lede wat onwettig die koloniale grens oorgesteek het, die koloniale owerhede maklik bereik. In die omgewing van die Umzimkhulu het die geselskap baie honderde onlangse vlugtelinge van Dingane aangetref. Verder noord was daar 'n pragtige landstreek, maar onbevolk tot naby Port Natal. Tensy die Uys-geselskap heelwat langs die Kafferlandse pad versuim het om te jag, handel te dryf, te verken en met naturelle te gesels, moet hulle voor die einde van Oktober 1834 by Durbanbaai aangekom het. Kapt. A. Gardiner, wat drie maande na hulle die Kolonie verlaat het, het langs die moeilike kusroete daarin geslaag om die hawedorpie binne ses weke te bereik. Piet Uys se geselskap sou eers na Port Natal gaan, want daar kon hulle die grootste konsentrasie Blankes aantref om aan hulle waardevolle inligting oor die onsekere stand van sake in en om Natal te gee.[126]

Watter toestande het Piet Uys en sy geselskap laat in 1834 in Natal en Zoeloeland aangetref? Hoewel Uys self nie daaroor 'n rapport, wat behoue gebly het, nagelaat het nie, het *The Graham's Town Journal* so gereeld berigte uit Natal en sy aangrensende streke gepubliseer dat die posisie daar vanaf Oktober 1834 tot ongeveer Februarie 1835 met 'n groot mate van sekerheid gerekonstrueer kan word.[127]

Toe die agterhoede van 'n terugtrekkende Zoeloe-impie sowat 'n jaar tevore te Port Natal deur die Nie-Blanke volgelinge van die Britse setlaars daar aangeval is, het Dingane al sy mense noord van die Tugela teruggeroep. Dingane was blykbaar bevrees om in hierdie stadium uit die suide deur die Britse regering aangeval te word, omdat sy impie Katrivier-Hottentotte, wat soos Blankes gelyk het, op die Umzimkhulu gedood het.[128] Terwyl die impie in die suide in 'n

124. *Ibid.*, pp. 277–278.
125. C.O. 2755: Verklaring, 5 Junie 1835, bylae in no. 84, 24 Junie 1835.
126. G.H. 19/4: Oorspronklik, Gardiner aan D'Urban, Clarkebury, 24 Nov. 1835, §11, bylae no. 2 in D'Urban aan Glenelg, Conf., 4 Des. 1835; Gardiner, *Narrative of a Journey to the Zoolu Country*, pp. 4–23; H. F. Fynn, *The Diary of Henry Francis Fynn* (J. Stuart en D. McK. Malcolm reds.), pp. 230–231 en 236–237; C. F. J. Muller, Katrivier-Hottentotte deur Zoeloes oorval in Suid-Natal in 1833 (ongep. artikel).
127. Uittreksels en opsommings is deur James Stuart en D. McK. Malcolm in hul „Epilogue" van *The Diary of Henry Francis Fynn*, Pietermaritzburg, 1950, p. 220 vlg., die lig laat sien.

gehawende toestand teruggekeer het, het hy reeds 'n ander Zoeloemag noordwaarts na Delagoabaai gestuur om die Portugese vesting daar aan te val. Laasgenoemde mag sou nog 'n paar maande in dié omgewing opereer en ook daarin slaag om die Portugese te oorwin.[129] Gevolglik kon die Zoeloekoning op hierdie tydstip inderdaad bevrees wees om op minstens twee fronte ver uitmekaar vasgevat te word. Gedurende die onttrekking van die Zoeloes suid van die Tugela het feitlik al die inwoners van Port Natal na Mpondoland padgegee. 'n Tyd lank was daar tussen die Tugela- en Umzimkhulurivier 'n terugkeer tot die ontvolkte toestand wat tydens die hoogtepunt van die *Difaqane* geheers het.[130]

Ogle was die eerste wat reeds in Augustus 1833 na Natal teruggekeer het. Dingane was nou skynbaar bereid om die Natalse setlaars terug te ontvang en daarom kon 'n groot groep van dertig persone, met die steun van vooraanstaande Grahamstadse handelaars wat reeds jare lank in die Natalse handel belang stel, in April 1834 van die grensdorp gaan om 'n vaste nedersetting by Port Natal te stig. Ogle se woonplek was die voet van die Bereaheuwel, en hy het nog 'n plek gehad by die mond van die Umlaasrivier, 'n paar myl daarvandaan.[131] Die reus John Cane het ook twee uitmekaar geleë woonplekke gehad: die een vlak by Port Natal op die laagliggende sandvlakte, en die ander verder suid. Halstead was 'n rondswerwende jongkêrel wat nog nie vastigheid gevind het nie. Die handelaar James Collis het die enigste woonhuis gehad wat enigsins 'n Europese struktuur getoon het, en dit was gebou van riete en modder. Richard Wood, wat vir Collis te Port Natal in sy handelsbedrywighede bygestaan het, se ondernemende seun William was bestem om by verskeie historiese geleenthede in Natal en Zoeloeland teenwoordig te wees. Voordat hy twaalf jaar oud was, het hy as volle jagvennoot met Robert Russell op 'n ekspedisie uitgegaan. As twaalfjarige sou hy met sy geweer 'n Zoeloe-impie teen die Swazi-opperhoof Sopusa vergesel. As vloeiende Zoeloespreker vergesel hy die sendeling Owen voordat hy veertien geword het, en so word hy een van die weinige Blanke getuies van die dood van Retief en sy geselskap. Nog 'n Port Natalse setlaar wat 'n welbekende rol daar sou speel, was Richard (Dick) King. Sy fenomenale energie sou hom aan Blanke en aan Britse kant 'n beroemde figuur in die vroeë Natalse geskiedenis maak.[132]

Sedert Mei 1834 het Robert, die oudste seun van Alexander Biggar (voor-

128. Kyk C. F. J. Muller, Katrivier-Hottentotte deur Zoeloes oorval in Suid-Natal in 1833 (ongep. artikel).
129. G. Liesegang, „Dingane's attack on Lourenço Marques in 1833", in *J.A.H.*, X, 4 (1969), pp. 573–4 en 577–8.
130. C. F. J. Muller, Katrivier-Hottentotte deur Zoeloes oorval in Suid-Natal in 1833 (ongep. artikel).
131. *The Diary of Henry Francis Fynn*, pp. 229–230 en Bird, *Annals of Natal*, I, p. 261 (Historical Precis by Dr. Andrew Smith, Cape Town, 6 Mei 1834).
132. G. MacKeurtan, *The Cradle Days of Natal*, pp. 171–172; *The Diary of H. F. Fynn*, pp. 230–231.

heen kaptein en betaalmeester van die 85th Regiment van voetsoldate) hom by Port Natal gevestig, waar hy hom by 'n swaer, die handelaar Charles Maynard, aangesluit het en met 'n ander handelaar, James Collis, die eerste klipgebou in Natal opgerig het. Alexander, met sy seuns Robert en George, was vermoedelik reeds in die distrik Albanie op vriendskaplike voet met leiers van die ontevrede Afrikanerleiers wat uit Uitenhage en Albanie in Natal en sy omstreke as moontlike nuwe nedersetting belang gestel het. As Albaniese boer was Alexander Biggar onsuksesvol. In 1828 het hy hom as transportryer twaalf myl wes van Grahamstad langs die ou militêre pad tussen Port Elizabeth en Grahamstad gevestig waar hy deur die Sesde Oosgrensoorlog finaal geruïneer sou word. Van daar sou hy hom met sy seun George by sy oudste seun te Port Natal aansluit. As leier van die groep Natalse setlaars wat die Voortrekkers goedgesind was, sou hy sowel kaptein A. Gardiner en sy filantropiese beleid opponeer as John Cane en sy makkers wat feitlik as naturellehoofde met Nie-Blanke vroue vlugtelinge van die Zoeloe-imperialisme aangevoer het. Dit sou as kommandogenoot wees dat Alexander Biggar in die Slag van die Wit-Umfolozi aan die kant van die Voortrekkers sou sneuwel, nadat albei sy seuns reeds in Natal die lewe gelaat het.[133]

Piet Uys en verskeie lede van sy geselskap moet van die nuwe aankomelinge soos Robert Biggar en sy handelaarsvriende reeds te Port Elizabeth, Uitenhage, Grahamstad en hul omstreke leer ken het. Van hulle kon hulle dus maklik waardevolle inligting verkry oor die stand van sake en die vooruitsigte in Natal en Zoeloeland. Hans Dons de Lange het natuurlik op sy vorige besoek aan Natal reeds met Cane, Ogle en hul makkers kennis gemaak en met belangstelling waargeneem hoe hulle na die voorbeeld van die legendariese Coenraad de Buys (maar meer planmatig en sover op meer uitgebreide en suksesvolle wyse) 'n avontuurlike lewe met talle naturellevroue en honderde naturellevolgelinge voer. Piet Uys se geselskap kon volgens eerstehandse waarneming van die primitiewe lewe van die olifantjagters en hul vaardige Hottentot- en Bantoe-assistente kennis neem. Uit die reusetroppe olifante en seekoeie het die jagters met hul swaar gewere en volop lood, tin en buskruit gereeld duisende ponde ivoortande gehaal. Daarby het hulle met Dingane en sy Zoeloeryk 'n ongereelde handelsverkeer gevoer om nog duisende ponde ivoor vir uitvoer na die Kaapkolonie te bekom. Krale en ander, vir die Zoeloes, aantreklike ware, moes as ruilware ingevoer word. Piet Uys het Port Natal dus as 'n handelspos aangetref waar Kaapse handelsware opgeberg is en waarheen sekere ware wat die afgesonderde Britse setlaars in staat gestel het om sekere Westerse minimumstandaarde te handhaaf, uit die Kaapkolonie gestuur kon word. Port Natal se verkeer met die Kaapkolonie het sowel oor land as oor see geskied. Oor land is van Grahamstad 'n moeilike transportpad vir swaargelaaide ossewaens oor die mondinge van talle Kafferlandse riviere (waar krokodille en hoogwater

133. *S.A.B.W.*, I, pp. 75–77 en MacKeurtan, pp. 171–172.

mense en diere gevang het) uitgewerk; met harde arbeid om sekere steil heuwels meer begaanbaar te maak. Oor see is klein seilskepies gebruik om uit Algoabaai en uit Tafelbaai handelsware en passasiers oor gevaarlike waters te vervoer. Die duur van die reis was onseker. Sommige vaartuie het nooit opgedaag nie, ander het gestrand; sommiges het weke lank rondgedobber; terwyl enkele gelukkiges binne 'n week hul bestemming bereik het.[134] Uys het gevind dat noord van Natal 'n ongereelde verkeer met Delagoabaai en Portugese koloniale hawens verder noordwaarts onderhou is. Die landverbindinge met Lourenço Marques was deur Zoeloeland en deur 'n ongesonde kusvlakte waar Cowie en Green reeds 'n paar jaar tevore gesterf het.[135] Dingane se houding teenoor die Port Natalse nedersetting was, volgens die siening van die Britse setlaars, wispelturig en willekeurig. Met sy outokratiese gesag het hy die handel gedomineer; hy het dit verbied en weer geopen soos hy dit in die belang van sy Zoeloeryk geag het. Piet Uys kon duidelik insien dat Dingane se potensieel oppermagtige skaduwee dikwels swaar oor Port Natal en sy nedersetting met 'n onsekere toekoms gehang het. Die handjievol jagter-handelaars het groot getalle weglopernaturelle en honderde vlugtelinge uit die Zoeloeryk gehuisves. Onder Blanke leiding is die naturelle wat sterk vyandig teenoor Dingane gesind was, beskerm en georganiseer in en om Port Natal, 'n landstreek wat Dingane as deel van sy ryk beskou het. Dit het die Zoeloekoning vanselfsprekend nie aangestaan nie.

Soos Shaka voor hom, het Dingane sterk onder die indruk gekom van die klaarblyklike meerderwaardigheid van die geweer en die perd bo die steekassegaai en skild van die kaalvoet Zoeloekryger. Al sy beste pogings om voldoende gewere, lood en kruit te bekom, het egter misluk. Nieteenstaande aanloklike aanbiedinge, sou die handjievol Britse setlaars nie maklik hul vernaamste

134. Capt. Garden Papers 1852–1853, K en P.M. nos. 5, 6 en 7 (N.S.A.); Fynn Papers, 27107, Extracts, en 30104, Fynn Family Folder; 27675 en 27677 Ethel Campbell's Notes C en E (Killie Campbell-biblioteek); *Diary of Henry Francis Fynn*, pp. 220–237; Gardiner, *Narrative of a Journey to the Zoolu Country*, gepubliseer te Londen in 1836, gee die toestand van die Transkei, Natal en Zoeloeland enkele maande na die Uys-kommissie daar besoek afgelê het; Journal of the *Rev. George Champion . . . 1835–9* (A. R. Booth red.), Kaapstad, 1967, skilder weer toestande in Natal en Zoeloeland kort na Gardiner se vertrek; die kolomme van *The Graham's Town Journal* en *The S.A. Commercial Advertiser* bied in die jare 1833 tot 1835 'n skat van inligting oor Natal en sy hele omgewing. Latere beskrywings van Natal en sy aangrensende streke is te vind in D. J. Kotzé, *Die Eerste Amerikaanse Sendelinge onder die Zoeloes (1835–1838)* in Arg.-jrb. vir S.A.Gesk., 21ste jg., I, 1958 en C. F. J. Muller, Katrivier-Hottentotte deur Zoeloes oorval in Suid-Natal in 1833 (ongep. artikel).

135. Kyk Kaart van 1836. Vgl. o.a. *S.A. Com. Adv.*, 25 Nov. 1829, 3 en 17 Feb. 1830 en 6 Okt. 1832; *Grah. T.J.*, 7 Aug. 1834 en 16 Jan. 1835; G. Liesegang, „Dingane's attack on Lourenço Marques in 1833", in *J.A.H.*, X, 4 (1969), pp. 573 vlg.; F. Santana (red.), *Documentacão avulsa Moçambicana do Arquivo Histórico Ultramarino*, I en II, Lissabon, 1964–1967, en III (in manuskrip gelees), gee die Portugese sy van dié handelsverkeer.

voorsprong prysgee nie. Dat die setlaars Hottentot- en Bantoeskuts opgelei het om die geweer in hul diens effektief te hanteer, het hom nog agterdogtiger gemaak oor hul oogmerke. Dingane het derhalwe na gelang van omstandighede te Port Natal, en ooreenkomstig sy vele verpligtinge elders in die noorde, in die weste en in die suide van sy ryk, so 'n wispelturige beleid gevolg dat die Britse setlaars hul steeds onseker gevoel het oor wat die Zoeloekoning se planne met hulle was, en wanneer hy dié planne sou uitvoer. Daar was 'n duidelik merkbare spanning, wat soms verslap het, soms opgelaai het, maar altyd aangevoel kon word. 'n Blote honderd myl noord van Port Natal, net oor die Tugela, kon die magtigste Bantoeleër in Suidelike Afrika elke oomblik op 'n nog relatief weerlose Blanke nedersetting toesak.[136]

Piet Uys kon duidelik aanvoel dat die setlaars te Port Natal enige aansienlike Blanke versterking uit die Kolonie hartlik sou verwelkom. Afrikanerboere wat plase daar sou soek en nie handelskonkurrente sou word nie, sou te meer welkom wees. Met so 'n aanvulling van die getal Blankes kon die nedersetting (wat tot nog toe geen Britse beskerming kon kry nie) stewiger uitgebou word tot 'n meer gebalanseerde kolonie om die enigste goeie hawe op 'n gevaarlike kus. Terwyl die Afrikanerboere landbou- en veeteeltprodukte aan die Britse setlaars kon voorsien, kon die ingevoerde handelsware ook by hulle 'n mark vind. Trouens, sekere boerderyprodukte sou selfs oorsee verskeep kon word om 'n beter gevestigde en florerende handelsverkeer van uit Port Natal te skep. Die ekonomiese versterking van die klein Natalse nedersetting sou opgevolg kon word deur 'n militêre versterking, wat daartoe kon lei dat die Britse regering makliker sou instem om sy beskermende hand oor hom uit te strek; en met Britse anneksasie sou Natal se vooruitgang vinnig wees. As die nuwe Britse kolonie deur die Britse leër verdedig sou word, sou 'n groot handelsopbloei daar verwag kon word. Die hawe waar skepies gesukkel het om oor die vlak sandbank te seil, sou ontwikkel kon word. Grondpryse sou skerp styg. Hierdie en ander moontlikhede en vooruitsigte moet Piet Uys, die ondernemende Uitenhaagse boer, perdeteler en resiesentoesias, die vriend van Britse offisiere, opgeval het. Hy het gereeld kontak met dorpsbewoners in die Kolonie gehad en het in die nuusblaaie tevore reeds heelwat oor Natal en die ooskus van Afrika gelees, en daaroor nagedink. Sy belangstelling was ook wyer; dit het na oorsee uitgestrek. Soos reeds vermeld, het Uys kennis geneem van die vinnig opbloeiende jong reus, die Verenigde State van Noord-Amerika, waarheen hy self oorweeg het om te verhuis – as sake in Suidelike Afrika nie na sy bevrediging geskik kon word nie.[137]

136. Vgl. o.a. Gardiner se uiteensetting van Dingane se houding in sy *Narrative* (1836). F. N. C. Okoye probeer om Dingane se beleid te hervertolk in „Dingane: a reappraisal", in *J.A.H.*, X, 2 (1969), p. 237 vlg. en „Dingane and the Voortrekkers" in *Jrnl. of Negro History*, 56ste jg., 2, 1971, p. 135 vlg.

137. Kyk C.O. 2755: verklaring deur Uys, 5 Junie 1835, bylae in no. 84, 24 Junie 1835; en Uys se seun Jacobus Johannes in *The Friend* van 4 Sept. 1879.

Die leier van die beesboere op die Uitenhaagse kusvlakte, met sy digte bosse en volop hout en 'n gerieflik geleë seehawe, het 'n besonder gunstige indruk gekry van die hele ontvolkte landstreek sowat 'n honderd myl suid, wes en noord van Port Natal. Natal was baie aantrekliker as die distrikte Uitenhage en Albanie. Sy weelderige subtropiese plantegroei en sy rykdom aan dierelewe het die jagter-avonturier aanhoudend gewink. Die ondernemende jong persoon kon 'n interessante lewe daar lei; en uit die handel en boerdery sou hy 'n goeie bestaan daar kon maak. Volop Nie-Blanke arbeid was beskikbaar en die filantropiese beleid het nog nie daar posgevat nie. Uit die kommersiële invloedsfeer om en agter Port Natal – dit sou Piet Uys dadelik raaksien – sou 'n uitgestrekte binneland met bykans onbeperkte potensiaal bereik kon word.[138]

Net soos Piet Uys in die Blanke handelaar-jagters om en by Port Natal belang gestel het, was hulle ook in hom en sy geselskap en hul planne geïnteresseerd. Uit die handelaar Johan Bertram se mededelings aan *The Graham's Town Journal* van 6 Februarie 1835 blyk dit dat die Uys-kommissie 'n geruime tyd voor 16 Desember 1834 in Natal aangekom het. In 'n brief gedateer 16 Desember 1835 publiseer hy 'n uittreksel uit sy joernaal: „Port Natal has long been the subject of public discussion, both among the Dutch and English Colonists; and various have been the efforts to establish a Factory at this Port, but none have succeeded well, . . ." Dan meld hy die Uys-kommissie, sonder om die geselskap by naam te identifiseer: „Sixteen Boers waggons have arrived here, with forty shots, who are now hunting in this country (waarskynlik word bedoel die landstreek tussen Port Natal en die Tugela wat Bertram beskryf as wemelend van enorme troppe buffels en olifante); they are of opinion that the soil and pasturage are well adapted for cattle, & c.; some of these people express an intention of residing here."

Na deeglike samesprekings met ou en nuwe vriende om en by Port Natal, is besluit om in die wildryke, sowat tagtig myl breë landstreek tussen die Baai en die Tugela te gaan jag. Dingane het kort tevore al sy mense daaruit teruggetrek, sodat die land vir die eerste keer volkome oopgelê het vir die vuurwapen gehanteer deur die jagter te perd. Dit was 'n skone geleentheid om maklik ivoor, horings en velle te verkry wat vir die hele ontdekkingsreis kon betaal. Van hul meegebragte handelsware is langs die lang pad reeds verruil, maar die droomavontuur van 'n Natalse olifantjag in 'n bykans ongerepte gebied moes voorrang kry. Hoe suksesvol dié jagekspedisie was, is nie bekend nie.[139]

138. Vandaar dat Piet Uys nog op die Uitenhaagse kusvlakte Port Natal as sy bestemming opgegee het. Vgl. L.G. 278: no. 69, Van der Riet aan Hudson, 5 April 1837, bylae Ferreira aan Van der Riet, 8 April 1837, p. 8.

139. Kaptein R. Garden, wat gedurende 1852–1853 deur baie dele van Natal gereis het en toe met baie Voortrekkers gepraat het (en in besonder met Jacobus Uys), het sy inligting oor die Uys-kommissie soos volg gerapporteer: „In the year 1835 the *Uyses* came up to this country from the Cape Colony to shoot game on the Tugela,

Dit is egter welbekend dat sekere van die lede van Uys se geselskap toe reeds besonder aangetrokke gevoel het tot dié gebied. 'n Jaar later het die Amerikaanse sendeling Champion in sy dagboek genoteer dat hulle op die oostelike oewer van die Tongaatrivier oorgebly het juis op die plek wat deur 'n „pious and respectable Dutchman" wat met die Uys-geselskap daar was, reeds as 'n plaas vir homself uitgesoek is.[140] Volgens latere grondstukke in die Natalse Argief, kon dit die bovermelde C. T. Vermaak (of desnoods Jacobus van Tonder) gewees het. Champion en sy metgeselle het ook verneem (soos deur Bertram en ander getuies bevestig) dat lede van die Uys-geselskap voornemens was om hulle permanent in Natal te kom vestig.[141]

Talle belangrike besoekers aan Natal het die Zoeloekoning probeer spreek. Sowel dr. Andrew Smith as die sendelinge wat ná hom gekom het, sou veral daarna strewe om die magtige outokraat aan die hoof van die sterkste militêre ryk in Afrika suid van die ewenaar se reaksie op hul besondere oogmerke te bepaal. Piet Uys was geen uitsondering nie. Lede van sy geselskap wou hulle in Natal as boere kom vestig en het verneem dat Dingane oor enorme onbewoonde streke aan die suidekant van sy ryk beskik. Ander lede van Uys se geselskap het in die handel en in die jag belang gestel. Op grond daarvan sou 'n mens kon vermoed dat Uys pogings sou aanwend om met Dingane te in verbinding te tree.[142]

Oor die sukses van sy pogings is baie uiteenlopende herinneringe deur getuies, meestal op hoë leeftyd, nagelaat. Om die ware feite vas te stel, en om foute uit te skakel, moet 'n aantal van die getuienisse nou krities ontleed word.

Van die betroubaarste herinneringe is verskaf deur Jacobus Uys, die oudste seun van Piet Uys, wat destyds vyftien jaar oud was. Hoewel nie saam met die Uys-kommissie nie, was hy as sy vader se bruikbare regterhand tot Piet Uys se dood byna vier jaar later heelwat in sy vader se geselskap en het so belangrike en betroubare inligting van hom verkry. Wat die betroubaarheid van Jacobus Uys se relaas verder verhoog het, was die feit dat hy op sestigjarige ouderdom in *The Friend of the Free State* van 4 September 1879, sover kontroleerbaar, 'n basies korrekte verhaal skynbaar self in sy moedertaal op

after which they returned" (Garden Papers, Natal and Zululand, p. 673, N.S.A.). K. P. Landman, 'n kleinseun van die Voortrekkerleier, sê in sy Geskiedenis van die Groot Trek: „Een langen tyd houden zy zeg Bezeg met Jachten wand daar was veel wild . . ." (Preller-Vers., Aanwins 52 (b), 3de deel, p. 57, T.S.A.). Binnelandse reisigers het toe gewoonlik jag met die handel gekombineer, sodat die sukses van die ekspedisie eintlik deur die gesamentlike onderneming bepaal sou gewees het. Daar was natuurlik heelwat risiko's aan verbonde. Vgl. Muller, „Robert Scoon, 'n vroeë Suid-Afrikaner", in *S.A.H.J.*, IV, Nov. 1972.

140. Eerw. George Champion se Joernaal, 6 Januarie 1836, aangehaal deur D. J. Kotzé in *Die Eerste Amerikaanse Sendelinge onder die Zoeloes*, Arg.-jrb., 1958 (1), p. 64.

141. *Ibid.* Kotzé het o.a. verwys na S.G.O. 1/3: Farms claimed, no. 17 (N.S.A.); maar gee foutiewelik C. F. Vermaak.

142. *The Friend*, 4 Sept. 1879; *Vm.*, I, p. 278.

skrif gestel het, of dan minstens self sy goedkeuring daaraan geheg het, want hy het dit onderteken. „Het gezelschap zette toen na Port Natal" – so lui sy getuienis – „en ging tot op de grens van Zululand, aan de Tugela, doch konden niet door. Zy zonden een boodschap naar Tshaka (*sic*) en Dingaan, en die lieten weten dat het land open legt; dat zy alle naties er uit gejaagd heeft, en dat myn vader en zyn menschen er in kunnen gaan wonen."[143]

Hierdie heel bondige relaas kan aangevul word uit die reeds vermelde verhaal deur Dirk Cornelis Uys op sowat tagtigjarige leeftyd aan Odé vertel. (Die destyds sowat twintigjarige broer van Piet Uys, wat ook nie mee was met die Uys-kommissie nie, maar wie se getuienis, volgens Preller, in 1894 deur sy jonger broer Johannes Zacharias te Wakkerstroom op 75-jarige ouderdom bevestig is. Laasgenoemde was destyds as die sowat vyftienjarige jongste broer van Piet Uys wel mee na Natal en behoort dus uit persoonlike ervaring eerstehandse inligting te kon verskaf.) Die omstandighede waaronder die Hollander Odé die herinneringe van hierdie ou Voortrekkers aangeteken het, laat egter heelwat te wense oor. Of Odé hulle behoorlik kon verstaan, en of hulle die onderwyser se vrae behoorlik begryp het, daargelaat – die probleem setel daarin dat Odé, in 'n poging om die geskiedenis van die Groot Trek te skryf, nie slegs herinneringe afgeskryf het nie, maar ook sy eie afleidings begin maak het, en dat herinneringe en afleidinge nie vandag altyd meer van mekaar onderskei kan word nie. Die dood van Odé in 1897 het hom verhinder om sy werk finale afgeronde vorm te gee. Gevolglik kan van Odé se vertolkings ook in die ou Voortrekkers se monde gelê gewees het en vandag onafskeidelik in hul getuienis, wat ons dokumente is, geïnkorporeer wees.[144]

Nou gaan dit daarom dat uit die beskikbare gebrekkige en onbetroubare bronne bepaal moet word of Piet Uys werklik oorkant die Tugela met Dingane onderhandel het om grond in Natal te verkry, of die grond inderdaad aan hom toegesê is, en of die voorwaardes 'n definitiewe ooreenkoms geïmpliseer het. Indien al dié vrae positief beantwoord word, dan vloei daaruit verreikende gevolge voort. Met Piet Retief se eerste besoek aan Dingane, tree dan nie alleen botsende aansprake op Natal te voorskyn nie, maar soms die veronderstelling dat Piet *Retief* hom nou as Piet *Uys* wil voordoen om Natal voor laasgenoemde weg te raap. Dit sou dan aan die Zoeloekoning die eintlike motivering gegee het om Retief en sy geselskap te dood.

Hoewel laasgenoemde siening deur sommige skrywers aanvaar word, berus dit nie op betroubare feite nie. Wat is dan die ware feite i.v.m. die Uys-Dingane-verhouding? Die getuienis is oorweldigend dat Uys om begryplike redes met Dingane probeer onderhandel het oor die verkryging van grond in Natal. Daar is egter geen betroubare bronne waaruit afgelei kan word dat Uys werk-

143. Uys se brief aan die redaksie van *The Friend* is gedateer 14 Augustus 1879. Die enigste tasbare fout is die vermelding van Shaka, wat toe al sowat ses jaar dood was.

144. *Vm.*, I, pp. 269–284; *S.E.S.A.*, deel 8, p. 292. Vgl. verder Hoofstuk IX, noot 77 hieronder.

lik self vir Dingane gespreek het nie. Omdat die Tugela in vloed was en moeilik begaanbaar – soos Jacobus, Piet Uys se seun, asook Dirk, Piet Uys se broer, bevestig – het die leier van die kommissie nie Zoeloeland binnegegaan nie.[145] Daar is geprobeer om oor die vol rivier op 'n manier te kommunikeer, en dit mag wees dat Uys en sy mense en hul tolk uit Zoeloewoorde van die noordelike oewer geskree of op 'n ander wyse oorgebring, verstaan het dat Dingane bereid was om grond in Natal aan hulle af te staan. Geen ernstige ooreenkoms kan egter bloot op so 'n basis berus nie. Dat Piet Uys se jongste broer, Johannes, 'n tyd lank as gyselaar deur die Zoeloekoning aangehou sou gewees het, berus op geen bewysbare feite nie. Uit die getuienisse van die seun en twee broers van Piet Uys wat die naaste aan hom gestaan het, kan dit nie afgelei word nie. Die pen van Jacobus Uys, hierbo aangehaal, getuig dat sy vader, Piet Uys, nie die Tugela oorgesteek het nie. Die getuienis van Piet Uys se broer Dirk, soos deur Odé opgeteken, laat heelwat te wense oor. Eers verklaar Dirk dat sy broer, Piet Uys, na 'n persoonlike onderhoud met Dingane al die land in Natal sou verkry het; en daarna sê hy dat Dingane later laat weet het „dat hij land wil afgeven, maar dat hij self de persoon wil zien aan wie hij't geeft," en daarop 'n geselskap Zoeloes gestuur het om Piet Uys na hom te bring. Toe sou Johannes, Piet Uys se jongste broer, meegestuur word na Dingane, maar weens die vol Tugela is hy tog nie daarheen nie. Soos ook blyk uit Preller se voetnote hier, boesem die hele verhaal nie volle vertroue in nie. Volgens Preller sou die getuienis van Dirk Uys deur sy broer Johannes destyds in 1894 te Wakkerstroom bevestig wees: vandaar dat hy in sy daaropvolgende verhaal geen aanvulling oor die Uys-kommissie verskaf nie.[146]

In 1897 het J. J. Uys, W.-seun, uit die distrik Wakkerstroom aan die redakteur van die *Natal Afrikaner* geskryf dat aangesien hy na aanleiding van die

145. *The Friend*, 4 Sept. 1879 en *Vm.*, I, pp. 279–281.
In die Amerikaanse sendeling eerw. George Champion se kontemporêre joernaal (28 Junie 1835, in Kaapstad) meld hy dat hy van sy mede-sendeling dr. Newton Adams verneem het dat 'n Boeregeselskap by Dingane besoek afgelê het en van hom toestemming gekry het om in Natal te kom woon op plase deur hulle uitgesoek. Champion herhaal die berig in 'n skrywe aan Anderson te Boston, opgestel in Kaapstad, 15 Julie 1835. Hierdie notering berus egter op tweede- of derdehandse inligting, waarvan die aard dié kontemporêre bron onder verdenking bring. In die lig van ander getuienisse reeds aangehaal, na verwys en ontleed, kan dié inligting nie aanvaar word nie. Vgl. die oorspronklike handskrifte van die A.B.C.F.M.-Argief, Harvard-Universiteit, Cambridge, Mass., V.S.A. en D. J. Kotzé, *Die Eerste Amerikaanse Sendelinge onder die Zoeloes*, Arg.-jrb., 1958 (1), p. 40. In G. Champion se joernaal soos deur A. R. Booth uitgegee as *The Journal of an American Missionary in the Cape Colony 1835*, te Kaapstad in 1968, ontbreek bostaande notering onder 28 Junie 1835 (p. 25).

146. *Vm.*, I, pp. 278–282 (aanhaling op p. 279) en 292. Die latere magistraat G. M. Rudolph verklaar aan die *Natal Afrikaner* „dat daar vóór Mnr. Retief gen ander Afrikaner ooit by Dingaan gewees was" (*Di Geskidenis van ons Land, in di Taal van ons Volk*, 2de ed., Paarl, 1895, p. 198).

groot meningsverskil oor die Voortrekkergeskiedenis, die waarheid wou bereik, hy een van die bes ingeligte Voortrekkers wat nog in die lewe was, besoek het. Dit was niemand anders as Johannes nie, die bogenoemde jongste broer van Piet Uys, en sy getuienis oor hierdie aspekte van die Uys-kommissie is nou deur J. J. Uys, W.-seun, neergeskryf soos deur Johannes te Utrecht vertel. Johannes Uys sou sy volle samewerking gegee het en die dokument deur sy ondervraer opgestel, nou ook onderteken het. J. J. Uys verklaar in sy brief dat hierdie dokument nou in sy besit is en dat hy die „plain truth" aan ander belangstellendes wil meedeel. Die verhaal wat volg is weer op die essensiële punte teenstrydig met die bovermelde relaas van Dirk Uys, en skynbaar tevore deur Johannes Uys self bevestig:

„Piet Uijs and two others of the Commission went to Dingaan to ask him for Natal. Dingaan gave to Piet Uijs and his company the country (Natal) on condition that they were to come and reside in it. Dingaan demanded that Piet Uijs should give him a person as security that they, (the White people) would without fail come and reside in the country (Natal). Piet Uijs agreed to this request, and gave to Dingaan as security his brother Johannes Zacharias Uijs. Dingaan approved the security and kept him twelve days, after which he sent him after the Commission, who had already resumed their journey home, and informed them that he (Dingaan) was satisfied and had full confidence in the Commission that they would certainly return with their families. The Commission returned with great joy to their homes, which they reached in the year 1835. They handed in a report of what had been done by them after which Piet Retief and his followers left for Natal."[147]

Hierdie sterk subjektiewe mening van Piet Uys se onderhandelings met Dingane, wat onder meer uit 'n oordrewe familietrots spruit, en nie op bewysbare feite berus nie, sou later in 'n nog meer uiterste vorm te voorskyn kom. Op 16 Desember 1915 het Thijs Uys (skynbaar 'n kleinseun van die bovermelde Dirk Uys en dus ook van Piet Uys), uit die distrik Wakkerstroom *De Volkstem* van 24 Desember 1915 meegedeel dat toe Piet Uys Natal van Dingane sou ontvang het, hulle sou ooreengekom het dat hulle wedersyds kwaaddoeners sou uitlewer om gestraf te word. Thys Uys stel Piet Uys se strafekspedisie teen Moselikatse nou voor as 'n poging deur Piet Uys om Dingane se beeste aan laasgenoemde terug te besorg. Intussen gaan Piet Retief met sy manne na Dingane om Piet Uys „voor te spring en die land, onder kontrak, te krij, en dus dan hoof te word. Goed! Bij Dingaan gekom, seg Retief toe: ik is ‚Piet'. Alles is toe klaar gemaak en Dingaan het die kontrak geteken . . ." Toe sou Retief nie daarin slaag om Uys se ooreenkoms met Dingane korrek weer te gee nie; en daarby sou Dingane aan Piet Retief gesê het dat hy nie soos Piet Uys lyk nie. „Jij is 'n schelm, en wil mij land steel" – sou die Zoeloekoning vervolg en daarop uitgeroep het: „Maak dood die towenaars!" Volgens Thys

147. (Kit) Bird Papers, vol. II, J. J. Uys, 4 178, pp. 128–130 (N.S.A.).

Uys sou Dingane nog twee boodskappers na Piet Uys gestuur het om hom mee te deel dat Retief dood is. Maar Uys se antwoord sou dan gewees het: „Jij het jou nie aan ons ooreenkoms gehou nie; jij moes Retief gevang 't en aan mij uitgelewer 't, en ik zal jou nou kom straf." Dit sou dan tot Piet Uys se deelname aan die slag van Italeni gelei het, en dit, verseker Thijs Uys sy lesers, is „die eerlike en opregte geschiedenis".[148] Geen wonder dat hierdie opdis van mites, voortspruitende uit 'n chauvinistiese familietrots, 'n ander afstammeling van Voortrekkers, P. J. Coetzee van Belfast, in *De Volkstem* van 11 Januarie 1916 laat sug het: „Nu verstaan we niets meer van de geschiedenis!"[149]

Die laat negentiende-eeuse en vroeg twintigste-eeuse vertolkings van die vermeende gevolge van die Uys-kommissie, illustreer hoe familie- en partysienings poog om die geskiedenis destyds te herskryf. Daar moet aanvaar word dat dit ook vroeër gebeur het toe Odé van die basiese bronnemateriaal genoteer het en dat vertroebelings so ingesluip het. Daar is naamlik besef dat indien Piet Uys Natal van Dingane ontvang het, sy verkenningsgeselskap van verreikende betekenis moes wees. Die Uys-kommissie sou dan die enigste verkenningsgeselskap wees wat met die belofte van 'n nuwe vaderland teruggekeer het. Gevolglik sou die leier daarvan uittroon bo die ander Voortrekkerleiers. Indien egter bepaal word dat Uys se verkenningstog geen grond van Dingane verkry het nie en dat die leier daarvan geen dringende haas getoon het om na Natal weg te trek nie, dan vervaag die betekenis van die kommissie en die rol van sy aanvoerder in die vroeë geskiedenis van die Groot Trek.

Hierbo is aangetoon dat die soek van 'n nuwe vaderland gepaard gegaan het met winsgewende jag- en handelstogte. Waarskynlik het die groot geselskap van sowat veertig skuts in Natal in kleiner groepies opgebreek en in verskillende rigtings die land ondersoek. Dit is begryplik dat Hans de Lange, wat reeds kort tevore Natal besoek het, nou die geleentheid sou benut om in nuwe dele van die land te jag en dié te verken. Gedurende die sowat drie maande tyd wat die verkenningsgeselskap in Natal tot hul beskikking gehad het, kon heelwat gesien en gedoen word. Kaptein A. Gardiner het kort daarna onder die inwoners van Natal verneem dat hulle die hele Natal deeglik ondersoek het.[150]

Dat van die Hottentotbediendes wat ongeveer in gelyke getalle met die Blankes saam met die kommissie was, ook selfstandige jagtogte onderneem het, blyk uit Jacobus Uys, die oudste seun van Piet Uys, se bovermelde relaas. Hy skryf: „Van de Hottentotten vraegen sommige geweren om te gaan jagten, en die liepen er mee weg naar de Kolonie." Dan voeg hy by: „Misschien hebben ze van het plan geweten dat de zwarten op Nieuwjaarsdag een aanval op

148. Thijs Uys se brief is geskryf op Kromellenboog, Pk. Groenvlei, Wakkerstroom.

149. Onder hoof „De Uijs-Onthulling". Dié korrespondensie is gevolg deur heelwat verdere publikasies in *De Volkstem*, o.a. van 14, 18, 21 en 25 Januarie 1916. Vgl. ook Preller Vers., 99/1, no. 234 (T.S.A.).

150. Gardiner, *Narrative of a Journey*, p. 89.

de blanken zouden maken."[151] Die nuus van die Xhosa-aanval laat in Desember 1834 op die Kolonie kon Uys se geselskap gedurende Januarie 1835 bereik het. Die onrus oor die veiligheid van hul familie, vriende en besittings sou hulle dan genoop het om so vinnig as moontlik na hul tuistes terug te keer.[152]

Die Uys-Kommissie se roete terug word gedeeltelik deur kaptein A. Gardiner beskryf in die reisjoernaal van sy eie terugreis agt maande later op Uys se waspore.[153] Teen die einde van September 1835, nadat Gardiner tevergeefs die Drakensberge probeer oorsteek het om, soos die Uys-kommissie, die land van die oorlogvoerende Xhosas te vermy, kom hy in die binnelande wes van Port Natal, langs die bolope van die Umkomaas, ietwat eentonig heuwelagtige grasvelde teen, maar met pragtige weiding vir vee. „This whole district, now a wilderness" – verklaar Gardiner – „was, as I am informed, well inhabited, until the devastating army of Charka swept over these hills. The mere circular site of their perishable dwellings is all that is now apparent, but many of the cattle enclosures, which, from the scarcity of timber, were built of rough stones, are still remaining. Some which we passed are built entirely of mud, piled in blocks, like unburnt brick; others with stone and mud intermixed, in layers, and arranged in the circular form, similar to those which are enclosed with a bush fence." By die verlate Inthlangwáin-dorpies kom Gardiner en sy geselskap op die waspore van lede van die Uys-kommissie af wat, soos hulle later sou agterkom, hier van die gewone pad weggeswaai het. Gardiner-hulle slaan dan kamp op digby 'n tak van die Umkomaas in 'n nou kloof aan die voet van berge en reis verder op die spore voort, suidwes van die latere Pietermaritzburg.[154] Nog 'n tak van die Umkomaas word oorgesteek en toe die Umkomaas self. Dorpies word teengekom onder die hoof Foortu, waarin vriendelike vlugtelinge van die Zoeloeryk tot rus gekom het. Van daar het hulle so 'n steil berg probeer bestyg dat selfs veertien osse nie 'n gelaaide wa daar kon uittrek nie. Ongetwyfeld het die swaargelaaide waens van die Uys-kommissie ook moeilik daar uitgegaan. Terwyl die osse op die hoogte gerus het, was die bergagtige landskap in alle rigtings sigbaar langs die kronkelende Umkomaas. Die Uys-kommissie het, langs die ompad deur die berge om met hul ossewaens daar te kom, reeds omtrent 85 myl afgelê, hoewel in 'n reguit lyn direk wes van Port Natal dit slegs vyftig myl was. Van daar, oor 'n moeilike pad, het die Uys-kommissie 'n drif hoog op die Umzimkulu oorgesteek. „Thus far we have been pursuing a partially beaten track," sê Gardiner

151. *The Friend*, 4 Sept. 1879.
152. Dit is waarskynlik dat die geselskap hul terugkeer as gevolg van die oorlogsberig verhaas het, maar daar is nie sekerheid oor nie. Vgl. H. Cloete, *Five Lectures on the Emigration of the Dutch Farmers*, Kaapstad, 1856, p. 62.
153. Gardiner, *Narrative*, p. 309.
154. *Ibid.*, pp. 307–308 (aanhaling) en 309. Kyk ook die kontemporêre kaart agterin Gardiner se werk.

„dignified in Port Natal phraseology by the name of a road; but here we have only the faint traces of some Dutch waggons, which about twelve months ago crossed these mountains on their return to the Colony from Port Natal, and these only occasionally to be discovered by a practised eye."[155] Nou het daar 'n onbewoonde streek met wilde heuwelagtige grasvelde weswaarts uitgestrek. Op hierdie hoogte het die Uys-kommissie die Drakensberge gesien. Terwyl Gardiner noordwes gegaan het in 'n onsuksesvolle poging om 'n pas deur dié berge te vind, het die Uys-geselskap suidweswaarts die Umzimkulu oorgesteek. Deur die onbewoonde bolope van die Umzimvubu en ander riviere na die suidweste, deur wildryke, grasbedekte heuwels en beboste klowe, het die roete van Uys gelê.[156] Die waardevolle vragte op sy swaarbelaaide ossewaens is goed beskerm deur 'n formidabele mag van beweeglike perderuiters teen die gewone rowerbendes wat daar op die buit uit was. Langs hierdie binnelandse kortpad is koers gehou na Hintsa se nuwe woonplek in Gcalekaland. Onder die bekwame gids Hans de Lange kom hulle veilig teen die middel van Maart 1835 daar aan.[157]

Hintsa het die Uys-geselskap weer baie vriendelik ontvang. Volgens Dirk Uys sou hy „wachters" na die grense van sy land gestuur het om hul te waarsku om weens die oorlog nie langs die gewone roete na die Kolonie te gaan nie.[158] In hooftrekke bevestig kontemporêre koerante Hintsa se vriendskaplike houding. Na aanleiding van 'n berig in *The Graham's Town Journal* van 20 Maart 1835 dat Uys uit Port Natal „on his way down called at the kraal of Hintza", wat hom vriendelik ontvang en oor die stand van die Sesde Oosgrensoorlog ingelig het, gee 'n korrespondent van *The South African Commercial Advertiser* agt dae later aanvullende inligting. Laasgenoemde nuusblad neem eers die Grahamstadse koerant se berig oor en voeg dan in 'n eie hoofartikel die verdere nuus by dat „Peter Uys" en „Peter Moolman" aan die blad se anonieme korrespondent verklaar het „that arriving in his Territory and near his Kraal, they sent to him. Hintza immediately came to their waggons accompanied with only three of his Heemraden – invited them to spend two or three days with him, and communicated the state of the Colony to them, warning them by no means to go through Cafferland. They accepted his invitation – remained two days with him partaking of his bounty. He gave them several oxen and a horse or two to proceed with, and also a guard of men to point out the best path to pursue."[159] Albei berigte beklemtoon dat Hintsa hard geprobeer het om dit by Uys tuis te bring dat hy vriendskaplike betrek-

155. *Ibid.*, pp. 310–315 (met, teenoor p. 310, 'n tekening van 'n dorpie op die Umkomaas) en 318.
156. *Ibid.*, pp. 318–320 en kaart agterin.
157. C.O. 3964: no. 89, De Lange en Meyer aan waarn. Goewerneur, 9 Aug. 1833; *The Graham's Town Journal*, 20 Maart 1835.
158. *Vm.*, I, p. 282.
159. *S.A. Com. Adv.*, 28 Maart 1835.

kinge met die Britse regering verlang en dit sterk afkeur dat van sy volk by die vegtende Xhosas aangesluit en vee uit die Kolonie gebuit of ontvang het. Die opperhoof ontken dat hy verantwoordelik was vir die moord op die handelaar Purcell en aanvalle op ander Blanke handelaars. Uys en Moolman het dan ook gerapporteer dat Hintsa „acted in so open and candid a manner" dat hulle vas in sy onskuld geglo het. Verder het hulle verklaar „that they dit not observe a single head of Colonial Cattle in his Territory, nor but one gun among his two thousand warriors that were round him, and that was incomplete" (d.w.s. kon nie skiet nie).[160]

Die Uys-kommissie het op 'n psigologiese moment by 'n strategiese plek aangekom. Hintsa was besig om in die oorlog betrokke te raak en Uys was nou in 'n besonder gunstige posisie om eerstehands oor die stand van sake by hom in die Kolonie te rapporteer. Dan was Hans de Lange se groot familie tesame met Louis Tregardt se nedersetting op ruim plase daar gevestig. Die naderende oorlog het ook hulle weer aan die beweeg gebring om weswaarts uit die gevaar te kom.[161] Sommige is opgekommandeer; andere, soos Louis Tregardt self, het in skuiling gegaan om by die eerste die beste geleentheid na Port Natal of Delagoabaai as Voortrekkers koers te kies. Tregardt, wat verwag het dat Uys en De Lange terug sou wees, het stellig gedurende Maart of April 1835 'n direkte verslag van die Uys-kommissie ontvang. Uit dié verslag moet die hawens op die Suidooskus van Afrika – en Port Natal in besonder – aantrekliker as ooit te voorskyn gekom het. In watter mate die gunstige rapport die Tregardt-trek beïnvloed het, kan nie vasgestel word nie; dat die Voorste Voortrekker egter binne ses maande daarna noordwaarts gaan, skyn op 'n direkte verband te dui tussen verkenning deur die Uys-kommissie en Tregardt se daadwerklike optrede.[162] Weliswaar het geeneen van die lede van Uys se verkenningsgeselskap Tregardt vergesel nie, maar dit kon nouliks geskied het. Na die halfjaar weg van hul huise, terwyl 'n verwoestende oorlog intussen uitgebreek het, kon lede van Uys se geselskap nie so snel oppak en 'n nuwe groot onderneming aandurf nie. Nie alleen is van hul besittings verniel nie, maar baie van hul familie en vriende was weg van hul gewone woonplekke,

160. *Ibid.* (aanhaling) en *The Graham's Town Journal*, 20 Maart 1835.

161. Ay. 8/86: Misc. Letts. Rec., ongenommer, veldkornet A. Pretorius aan vrederegter O'Reilly, Cradock, geskryf te Brakrivier, 8 Januarie 1835. Daarin word gerapporteer „dat aan Klas Smitsrivier zeven vrouwe uyt gekomen is van de menschen die over de Key getrokken is. De mans heeft de Kaffers daar gehouden en die vrouwens verhaald dat Hiensa terug gegaan heeft om meer volk te halen . . ." Die vroue wat uitgekom het, vertel „dat daar nogt 11 huysfrouwens onder de Kaffers is die niet uyt ken . . ." (punktuasie en hoofletters gewysig).

162. Kyk Hoofstuk IX. Geen skriftelike verslag van enige lid van die Uys-kommissie is teruggevind nie. Vir prof. C. J. Uys se bewering in die *S.A.B.W.*, I, p. 52, dat J. G. Bantjes later op trek vir Piet Uys gehelp het om sy verslag oor „Natalland" op te stel, word geen direkte bewys teruggevind nie. Sonder om sy bron te vermeld, verklaar O. Ransford in sy *The Great Trek*, Londen, 1972, dat Piet Uys na sy terugkeer uit Natal sou uitgeroep het „Only Heaven could be more beautiful" (p. 30).

hetsy op kommando, hetsy in versterkte plaashuise of laers, hetsy na veiliger westerse oorde. Dan het slawe-eienaars wat met Uys saam was, hul slawe vry, maar as ingeboekte arbeiders, aangetref. Omdat 'n beskeie, maar welkome, vergoeding binne afsienbare tyd in die vooruitsig gestel was, moes ook daarvoor gereël word.[163]

Onder die verwarrende oorlogsomstandighede sou die Uys-geselskap so spoedig as moontlik huiswaarts gaan om die lot van hul families en vriende te bepaal. Geskenke moes eers aan Hintsa gegee word in antwoord op sy presente, gasvryheid en waardevolle hulp. Toe die opperhoof sowat twee maande later, in Mei 1835, probeer om van kol. Harry Smith weg te jaag, sou hy dit byna regkry op 'n pragtige donker rooibruin half-opregte Engelse perd wat, volgens 'n lid van Smith se lyfwag, deur Piet Uys aan Hintsa geskenk was. Slegs die kolonel se perd kon vir Uys se perd kers vashou, en dit was dan ook hy wat Hintsa ingejaag en van sy vinnige perd afgeruk het sodat hy te voet verder moes vlug, en so doodgeskiet word.[164] Volgens Dirk Uys, het Hintsa die Uys-kommissie op sy vertrek 'n wag van honderd man onder sy seun Kreli saamgegee om hulle veilig langs 'n omweg in 'n noordwestelike rigting na die Kolonie te bring. Vier dae later het hulle Kogelhoutskop, wes van die Klaas Smitsrivier net binnekant die Kolonie, bereik, waar 'n burgergrenswag hul veiligheid verder kon verseker. Op hul verdere pad huis toe kon lede van die Uys-kommissie desverkiesend met Hendrik Potgieter by *Kommandodrift* in aanraking kom en ook met Piet Retief suid van die Winterberge.[165] Of Uys op hierdie tydstip toe baie grensboere op kommando rondgeswerf het, grensboerleiers kon inlig oor toestande in en om Natal, is twyfelagtig. Toe hy later self as veldkornet op kommando gegaan het, kon hy natuurlik heelwat omtrent sy groot verkenningstog meedeel.

Uys het eers na Grahamstad gegaan en het daar in die laaste week van Maart 1835 die Goewerneur gespreek en hom van sy ervarings in Natal en sy

163. Soos hierbo aangetoon, was 'n hele aantal lede van die Uys-kommissie in die verwoeste wyk Onder-Boesmansrivier woonagtig en moes hulle daar dringende aandag aan hul familie en boerderybelange gee. Vir sommige opgawes van verliese gely wat spoedig deur hulle geteken sou word, vgl. L.G. 16–44: Memorials Received from private individuals (claim re War losses), 1835, onder die betrokke name. Vir probleme wat uit die vrystelling van hul slawe voortgespruit het, vgl. o.a. Muller, „Die arrestasie van mev. Piet Uys op Sondag, 25 Oktober 1835", in *Historia*, XVII, 4, Des. 1872.

164. *S.A. Com. Adv.*, 28 Maart 1835. Dirk Uys vertel dat Piet Uys „'n mooi rijpaard" aan Dingane sou geskenk het (*Vm.*, I, p. 282). Die latere generaal Bisset, wat voor en tydens die Sesde Oosgrensoorlog goed ingelig is oor grensaangeleenthede, het in 1875 in sy *Sport and War*, in Londen gepubliseer, 'n lewendige beskrywing gegee van die gebeure wat tot Hintsa se dood gelei het en toe o.a. verklaar: „Hintza used to ride his own horse, a splendid dark bay, a half-bred English horse, presented to him about a year before the war by Piet-Uys, a celebrated Dutchman, a great hunter and breeder of superior horses" (p. 23).

165. *Vm.*, I, pp. 282–283. Kyk Plaat 13.

indrukke oor Hintsa se houding meegedeel.[166] Die toekoms van Natal het juis toe onder die aandag gekom. In *The Graham's Town Journal* van 27 Maart 1835 verskyn 'n brief gedateer 12 Maart deur die Kaapse Regeringsekretaris waarin bekend gemaak word dat die Britse owerheid besluit het om Port Natal *nie* te annekseer nie. D'Urban was sterk ten gunste van die Britse anneksasie van Natal en daarmee sou Uys rekening moes hou in sy bespreking van dié aantreklike landstreek met die Goewerneur. Uys is begerig om sy land op kommando te verdedig, maar kry verlof van die Goewerneur om eers sy familie op te soek en na sy dringendste persoonlike sake om te sien.[167] Gedurende die ses maande dat hy weg was, is sy plaas in die Onder-Boesmansrivier verwoes, is sy slavin en haar kinders vrygestel en by hom ingeboek. Sy gesin moes Uys nou opsoek op sy vader se plaas *Brakfontein* in die relatief veilige westelike wyk Tsitsikamma van Uitenhage, te midde van talle ander familielede. Op sy lang pad na die Kaapse kusvlakte het een na die ander lede van die Uys-geselskap afskeid geneem totdat net Uyse en Moolmans, wat ook na die Tsitsikamma op pad was, oorgebly het om met die pont die Gamtoosmond oor te steek na die plase *Zeekoerivier* en *Brakfontein*. Daar het die groot verkenningstog geëindig.[168]

Met die terugkeer van die Uys-kommissie is die laaste fase van verkenning deur Afrikaners voor die aanvang van die Groot Trek oor die Oranjerivier afgesluit. Louis Tregardt was klaar die Oosgrens oor, maar sou eers ses maande later die Noordgrens oorsteek. Volgens kontemporêre getuienis was sy mikpunt in hierdie stadium nog Port Natal – Delagoabaai word nie vermeld nie. Waar hy van Hans de Lange tevore reeds heelwat van die aantreklike Natal verneem het, was die rapport van die Uys-kommissie nou vir hom van groot belang. Dit het hy in oorlogstyd gekry, toe dit moeilik was om sy voorneme uit te voer om finaal weg te trek; maar die spoorslag is daarmee gegee. Deur middel van sy vroeë kontak met Hans van Rensburg is die plek van die Afrikaanse Suidooskus in sy trekbeplanning verder uitgedra.[169]

Dat die laaste fase van verkenning in oorlogstyd afgesluit is, het 'n belangrike uitwerking op die trekgedagte gehad. Die Sesde Oosgrensoorlog het 'n gekompliseerde invloed op die Afrikaner se trekbeplanning uitgeoefen. As gevolg van swaar oorlogsverliese, wat uiteindelik nie vergoed is nie, en die opkommandering van mense en besittings, teen min of geen vergoeding, kon die propageerders van die trekgedagte makliker grensboere oorreed om uit die Kolonie weg te trek. Op die suidelike en sentrale sektore van die Oosfront het baie grens-

166. *The Graham's Town Journal*, 20 Maart 1835; C.O. 2755: verklaring deur P. Uys, 5 Junie 1835, bylae in no. 84, 24 Junie 1835.
167. C.O. 2755: verklaring deur P. Uys, 5 Junie 1835, bylae in no. 84, 24 Junie 1835.
168. L.G. 38: Memorials Received, 1835, oorspronklike memorie aan H. Hudson, pp. 128–130; Muller, „Die Arrestasie van mev. Piet Uys op Sondag, 25 Oktober 1835".
169. Kyk Hoofstuk IX.

boere reeds mobiel geword as gevolg van die ontwrigting van hul boerderybedrywighede. Dit sou vir hulle dus makliker wees om tot 'n landsverlating oorreed te word – veral wanneer die aantreklikhede van 'n nuwe vaderland onder hul aandag gebring sou word. Aan die ander kant kon die trekgedagte nie maklik onder oorlogstoestande in 'n trekdaad omgeskep word nie. Baie mans was op kommando, of was verplig om hul plase en dié van hul bure te verdedig. Terwyl die oorlog voortgeduur het, kon grensverdediging nie somaar afgeskud word nie. Krygswet het so iets bykans onmoontlik gemaak.[170] Dan sou die soort skikking aan die einde van die Oorlog 'n ingrypende uitwerking hê op die vorm wat die trekgedagte sou aanneem. Indien die simpatieke sir Benjamin D'Urban daarin sou slaag om met 'n vredeskikking die Oosgrens te pasifiseer en daarby die koloniale grens heelwat ooswaarts uit te brei, kon die lewenskragtigheid van die trekgedagte aanmerklik ingeperk word. In besonder sou dit die geval wees wanneer die Kolonie noordooswaarts oor die Klaas Smitsrivier en anderkant die Bamboesberg na aantreklike grasvelde uitgebrei word. Inderdaad was Louis Tregardt en Hans de Lange daar gevestig, was Hendrik Potgieter daarheen aangetrek;[171] en sou Piet Uys en van sy familielede na die terugkeer van die Uys-kommissie begerig wees om daar grond te besit. Op 22 September 1835 versoek Piet Uys naamlik 'n plaas op die Klaas Smitsrivierdrif en -poort van die Britse regering, en verlang verder dat plase aan sekere van sy familielede in dieselfde omgewing verleen moet word.[172] Hoewel D'Urban hard probeer om 'n groot streek oor die Oosgrens by die Kolonie in te lyf, begin dit algaande duidelik word dat 'n filantropiese grensbeleid gevolg sal word en dat grond vir bewoning deur Blankes nie daar beskikbaar sal wees nie.[173]

Op nog 'n belangrike wyse affekteer die Sesde Oosgrensoorlog die praktiese deurvoering van die trekgedagte. Krygsverrigtinge het ná die terugkeer van die Uys-kommissie die kortste pad na die moontlike nuwe vaderland, Natal, baie gevaarlik gemaak. Met hele gesinne en baie vee kon hierdie pad nie nou meer ingeslaan word nie. Alle trekke sou die pad noordwaarts moes volg wat dan later ooswaarts swaai om ooskushawens te bereik. In die Transoranje, en selfs oor die Vaal, is hierlangs heelwat verkenning gedoen; maar wat van die passe deur die hoogste berge in Suid-Afrika? Daaroor was min of geen inligting nog bekend nie, en dit sou 'n element van onsekerheid in die praktiese deurvoering van die trekgedagte inbring. Slegs verdere verkenning sou dit uit die weg kon ruim.[174]

170. R. Godlonton, *A Narrative of the Irruption of the Kaffir Hordes*, Grahamstad, 1836, en *The Graham's Town Journal* se kolomme sedert laat Desember 1834.
171. Ay. 9/7: D. Campbell aan waarn. Regeringsekr., 17 Jan. 1834, pp. 126–127; C.O. 2749: no. 100, Campbell aan waarn. Regeringsekr., 12 Sept. 1834 en bylae, bladsye ongenommer. Vgl. verder Hoofstuk IX.
172. G.H. 34/6: no. 320, Uys aan Britse regering, 22 Sept. 1835.
173. G.H. 23/11: no. 17, D'Urban aan Staatsekretaris, 19 Junie 1835, pp. 126–140 en I.B., no. 279 (1836), pp. 58–73; Bell and Morrell, *Sel. Docs.*, p. 472. Vgl. Plaat 13.

Terwyl die Uys-kommissie en die voorafgaande kennis van die Suid-Afrikaanse binneland deur noordwaartse verkenning dus reeds 'n groot skat van inligting beskikbaar gestel het waaruit 'n kundige trekbeplanning saamgestel kon word, bring veranderde omstandighede in die Transkei mee dat die mees direkte roete nie meer deur Afrikanerboere gevolg kan word nie. Gedeeltelik onverkende trekroetes moet dus gevind word. Vir die propagering van die trekgedagte bring dit probleme mee: die hele onderneming kan nie so helder voorgestel word nie en sal dus nie meer so maklik ingang vind nie. Soos reeds gesê, sal baie grensboere wag om eers te sien hoe die voorste Trekkers vaar op hul pionierspad na 'n vermeende nuwe vaderland. As gevolg van die verkenningswerk onderneem deur die groot geselskap onder die energieke Piet Uys gedurende die lente van 1834, die somer van 1834–1835 en die herfs van 1835, het Port Natal, en sy hele aangrensende landstreek, besonder sterk as die aangewese vaderland of beloofde land op die voorgrond gekom. In baie wyke van die suidelike Oosgrensdistrikte het Blanke en ook Nie-Blanke lede van die Uys-kommissie die lof van die aanloklike groen, wildryke en waterryke land besing. Dat daar volop goedkoop plase suid van die Umzimkulu- tot ver noord op die suidwal van die Tugelarivier, en oor die golwende heuwellandskap in die Natalse binneland, oopgelê het vir bewoning deur ondernemende boere, is uitgebasuin. Vandaar dat verreweg die meeste van die grensboere op die suidelike oosfront wat hulle daaroor uitgespreek het, Natal as hul bestemming opgegee het.[175] Met deeglike verkenning was Natal, wat relatief naby gelê het, goed bekend: vriendskaplike handelaars uit die grensdorpe was daar gevestig en berigte uit Natal het gereeld in die koloniale pers verskyn. Delagoabaai weer, was swak bekend, heelwat verder weg en moeiliker bereikbaar. Sy enigste voordeel was dat hy onder die Portugese en nie onder die Britse vlag verkeer nie. Oor Port Natal en sy hele landstreek het die skaduwee van Britse anneksasie steeds bly hang: die ywer van kaptein Gardiner en die invloedryke vertoë van die Kaapse Goewerneur self het dit waarskynlik laat voorkom.[176]

'n Mate van tweespalt kan in die geledere van die propageerders van die trekgedagte opgemerk word: die een groep het hom sterk ten gunste van Natal

174. Soos geblyk het in Hoofstuk VII, was die omgewing van die Drakensbergpasse die swakste verken in die noordoostelike streke van Suid-Afrika. Sover bekend, het geen grensboer voor die Groot Trek daarlangs gereis nie en skynbaar is so 'n roete nie voor die Trek voorsien nie. Kyk ook Kaart van 1836.

175. L.G. 117 (ou nommer): Civil Commissioner, Various, 1828–1847; L.G. 277: Civil Commissioner Uitenhage, 1836–1837, no. 1, P. H. Zietsman aan Van der Riet, 23 Aug. 1836, met bylaes, pp. 14–19; Muller, „Veertig jaar", pp. 23–28.

176. Vgl. die kolomme van *The Graham's Town Journal*, *The S.A. Com. Adv.* en *De Zuid-Afrikaan* in hierdie jare. Kyk ook Church Missionary Society Minutes, vol. 15, Committee 10 Mei 1836, Correspondence, pp. 168–169 (C.M.S. Argief, Londen); C.O. 48/170: Downingstraat aan D'Urban, 29 Maart 1836 en Gardiner aan Glenelg, 2 Maart 1836 (P.R.O.).

uitgelaat, terwyl die ander die Hoë Noorde met Delagoabaai as poort na die buitewêreld bepleit het. Daardeur is die aanvaarbaarheid van die trekgedagte ietwat verswak; maar aangesien die roete na albei oorde aanvanklik saamgeloop het, kon die beslissing later, na voortgesette verkenning, gevel word. Dit was dus spoedig duidelik dat die verkenning wat reeds gedoen was, nog voortgesit moes word. Aanvanklik was genoeg inligting bekend om die eerste golf van Afrikanerboere na aantreklike, ontvolkte streke weg te lok. Alvorens die trekgedagte verder gepropageer kon word, moes daar eers mense in die nuwe vaderland wees om, eerstehands as inwoners, oor sy heerlikhede aan familie en vriende in die Kolonie te rapporteer. Die voorste mense moes gou gaan, sodat lateres snel kon volg. As almal op mekaar sou wag, kon die hele propagering van die trekgedagte op 'n mislukking uitloop. Dit was die kernprobleem. 'n Begin moes gemaak word, gevolg deur 'n ordelik georganiseerde reeks trekke met 'n benutting van die geskikste seisoene.[177] Indien dit gebeur, kon groot krag gemonster word deur die omskepping van die trekgedagte in 'n praktiese trekpoging.

Met die terugkeer in Maart 1835 van die Uys-kommissie van Natal na die suidelike Oosgrensdistrikte was voldoende inligting bekend, daar sowel as in die noordelike distrikte, om die trekgedagte finaal 'n konkrete vorm te laat aanneem.

Die eerste komponent van die trekgedagte was die drang om weg te trek uit die Kaapkolonie om sodoende die onrustige lewe daar te ontwyk. Op dieselfde wyse as wat die Trekboere dwarsdeur die agtiende eeu per ossewa hoofsaaklik oos en noordoos land-in beweeg het om beter en meer plase te betrek, so sou ook die Voortrekkers die noordelike en noordoostelike binnelande kon intrek. Basies was dit 'n bekende proses wat herhaal moes word. Die afstande wat die Voortrekkers sou aflê, sou egter veel groter wees; soos ook die groepe wat sou trek. Waar familiegroepe tevore as Trekboere beweeg het, moes talle gesinne nou in groter groepe georganiseer word. Ter wille van die langer en gevaarliker reis was dit nodig om groter krag te monster.

'n Spesifieke landstreek of landstreke is, deur behoorlike verkenning, as duidelike verbetering op die Kaapse grensstreke uitgekies en aanbeveel. As gevolg van langdurige verkenning, en veral intensiewe verkenning in die vroeë dertigerjare, was heelwat gunstige inligting nou beskikbaar. Deur middel van 'n reeks kommissies op trek, sou nog verdere verkenning onderneem word. Voortgesette verkenning en spoedige bekendmaking van sy resultate sou 'n belangrike element word in die propagering van die trekgedagte.

177. Kaapse Oosgrensboere moes *nou* deur 'n basiese geloof in die trekgedagte besiel word: *later* op trek moes die ligging van die nuwe vaderland gefinaliseer word. By die vroeë propagering van die trekgedagte was die aan die gang kry van die Trek voorop: later, met verdere verkenning, volg die verdere beslissing. Dit sou op trek stryd inhou. Vgl. Thom, *G.M.*, pp. 165–168.

Potensiële Trekkers se verhouding teenoor die Britse regering was die spil waarom die rebellerende komponent van die trekgedagte gedraai het. Voordat enige distriksgrens of die koloniale grens oorgesteek mog word, was daar die wetlike verpligting om van die Britse owerheid toestemming te verkry. Om 'n voldoende hoeveelheid wapens en ammunisie vir so 'n groot onderneming die binnelande in te neem, moes eweneens verlof gevra word. En as die verlof geweier sou word? Indien die onderneming nog voortgesit sou word, kom die rebellerende komponent duidelik te voorskyn. 'n Veiliger alternatief was om die owerheid te versoek om die koloniale grense verder uit te brei – soos oor geslagte in menseheugenis altyd gebeur het. Weens die besparingsmotief by die Britse regering, sou geduld hier beoefen moes word; en as dinge vinniger tot 'n punt kom, raak geduld gouer op. Die persone wat leiding in die trek-onderneming gegee het, wou egter nie rustig wag nie, maar het verkies om deur aksie self die inisiatief te neem. Hulle kon nie voorspel wat die Britse owerheid sou doen indien grensboere hulle op groot skaal teen bovermelde koloniale wette sou verset nie. Weliswaar is dié wette nie streng toegepas nie; tog is mense periodiek gearresteer, vervolgings ingestel en vonnisse gevel.

Hoe die leiers wat die migrasiebeweging beplan het, ook al geredeneer het, daar sou steeds 'n gordyn van onsekerheid oor die hele uitvoering van die trekgedagte hang. Die risiko-komponent is inherent daarin; en in dié raamwerk sou die propagering van die trekgedagte en teenpropaganda gevoer moes word. Die aanprysing van die trekgedagte en die afraai daarvan het met spekulatiewe elemente te doen gehad. Alhoewel die sukses van propagandaveldtogte baie afgehang het van die aanvanklike verloop van die groot migrasie, het 'n knap massasielkundige benadering tog 'n vername rol gespeel om so 'n beweging dwarsdeur die grensdistrikte (en moontlik ook in ander dele van die Kolonie) aan die gang te sit.

Oor die rebellerende komponent en die risiko-komponent sou daar heelwat verskil van mening onder die grensboere wees. Wat sou van potensiële landverhuisers word wat hul eiendomme verkoop het en dan deur Britse polisie en troepe verhinder word om distriks- en landsgrense oor te steek? Of as daar op hul so hoog nodige voorraad wapens en ammunisie beslag gelê sou word? Die onvoorspelbare Britse houding sou bepaal of daar 'n aktief rebellerende element in die trekgedagte sou kom. Dan was die houding van die talle Nie-Blankes in die binnelande van Suid-Afrika net so onvoorspelbaar.

Baie van die potensiële leiers van die grensboere het nou ook permanent of tydelik ampte soos dié van veldkommandant, veldkornet of wykmeester in regeringsdiens beklee. In hul wydverspreide distrikte, wyke en dorpe moes heelwat van hierdie sleutelpersone vir die trekgedagte gewen word. Dit sou 'n aansienlike stukrag aan die trekbeweging kon verleen. Indien hulle nie spoedig oorgehaal word nie, sou hierdie regeringsamptenare veel kon doen om die posvatting en latere ontvlamming van die trekgedagte onder hulle burgers teen te gaan, die regering gereeld in te lig en saam te werk om die trekbeweging

se vroegste ontplooiing dood te smoor. Hulle het nie eens nodig gehad om 'n basies vyandige houding daarteen in te neem nie; dit sou vir die geslaagde omskepping van die trekgedagte in 'n trekdaad bitter gevaarlik kon wees indien voldoende reserwes ontmoedig sou word om die speerpunte wat die voorste mense opgebou het, behoorlik op te volg. Hierdie burgerbeamptes, wat bereid was om talle opofferings te maak om die belange van die grensboere in die Kolonie te behartig, sou nie ligtelik oorreed kon word om in so 'n mate te wanhoop aan die lewensvooruitsigte in die Kolonie dat hulle alles sou laat vaar ten gunste van 'n trekdaad nie. Onrustoestande in die grensdistrikte sou eers verder moes aangroei om gewoonlik buitengewoon pligsgetroue burgerbeamptes wat as skakels met die Britse regering sy gesag onderskraag het, te oortuig dat die orde in die gemeenskap wat hulle gehelp het om op te bou en te handhaaf, in duie gestort het. Tot so 'n beslissing moes die propageerders van die Trek die beamptes juis oorreed: *dan* sou die trekdaad begeesterd word.

Om mense te oorreed om dié sprong te maak, moes ver buitekant die negatiewe onttrekkingsmotief beweeg word na die positiewe vestiging en stewige inrig van 'n Afrikanerstaat in die ruimtes van Afrika. Die Afrikaner, en in besonder die Afrikaner-grensboer, het reeds gedurende die vorige vyftig jaar algaande meer blyke gegee dat hy besig was om 'n nasionale bewussyn te ontwikkel. Onder die meer resente inwerking van 'n swaar druk van buite, het sy ontluikende samehorigheidsgevoel steeds gewas en gedy. Die visie van 'n Afrikanerstaat waarin Afrikanerampsdraers mede-Afrikaners sou help om 'n Afrikanerbeleid in die praktyk uit te lewe, sou die logiese kulminasie van hierdie strewe kon word. En so 'n ideaal kon Afrikanerampsdraers hulle uit die Britse grensdistrikte laat losruk om hulle in positiewe daadkrag in die Noorde veel beter uit te lewe.

Die besondere verhouding van dié nuwe Afrikanernedersetting teenoor die Britse owerheid sou egter van kardinale belang wees. Moontlik sou die owerheid – soos Europese owerhede nog altyd tevore gedoen het – die hele aantreklike landstreek waarin Afrikanerboere hulle noord van die Oranje wou vestig, tot die Kolonie toevoeg; en daar was reeds 'n dekade lank gedink oor die Britse anneksasie van Port Natal, met sy omliggende gebied en moontlik ook die ontvolkte kusvlakte suid daarvan. Oor wat die Britse regering hieroor sou doen, daaromtrent kon die organiseerders geen sekerheid kry nie. Indien die Britse regering hierdie streke nie sou annekseer nie, kon gewoonweg voortgegaan word met die praktiese uitvoering van die trekgedagte, en indien wel tot anneksasie oorgegaan word van gebiede waarin 'n selfstandige staat ingerig sou moes word, sou die risiko van 'n rebellie aanmerklik verhoog word. Dan sou sekere grensboerleiers ook minder te vinde wees vir so 'n versetreaksie teen die Britse owerheid, wat tot 'n gewapende botsing met hul owerheid sou lei. Aan die ander kant sou verhuising na Britse gebiede in die noordelike binnelande of na die skilderagtig-mooi Natal as veiligheidskleppe dien,

met min of geen risiko: dan sou daar waarskynlik minder ware Voortrekkers wees. Maar dan sou ook verder weggetrek moes word na grotendeels onverkende streke oor veel groter afstande as wat aanvanklik voor beplan was.

Sommige potensiële Trekkerleiers sou sover moontlik – desnoods tot diep in die ongesonde trope – uit die Britse invloedsfeer wou wegtrek; ander sou weer gereelde handelsverkeer met die Kolonie wou onderhou, vanuit nie te afgeleë basisse nie. Gevolglik kry ons te doen met 'n vaag omlynde gestalte van die trekgedagte: eenstemmigheid word geensins onder alle grensboerleiers aangetref nie. Aan die ander kant was dit 'n voorvereiste vir 'n geslaagde propagering van die trekgedagte dat dit as 'n aanneemlike, prakties uitvoerbare skema voorgestel moes word. Tensy etlike duisende lede van grensboergesinne – en by uitstek hoofde van gesinne en grondbesitters – tot die trekgedagte bekeer word, kon die risiko-komponent te swaar begin weeg. Die propagering van die trekgedagte moes so inslaan by die grensboere dat die vloei van Trekkers uit die staanspoor vinnig, en daarna eweredig, moes geskied. Die Trek moes nie so snel ontplooi dat daar nie genoeg weiveld vir al die vee sou wees nie; of dat die voorrade wat op die grensdorpe en by smouse aangekoop moes word, uitgeput sou raak nie; of dat te veel plase tegelyk in die mark sou kom nie. In alle geskikte tye van die jaar moes 'n gereelde stroom Trekkers noordwaarts vloei. Onder die Voortrekkers moes die weerbare mannekrag weer so in stand gehou en uitgebou word en so effektief gemonster kon word dat vyandige inboorlinge nie sou durf om hulle te bedreig of aan te val nie.

Redelik spoedig sou die verhuisingsbeweging tot 'n end kom en moes tot 'n rustige, lonende beoefening van veeteelt en landbou in hul nuwe land oorgegaan word. Poorte na die buitewêreld sou moes voorsien word, hetsy deur verre Portugese ooskushawens, hetsy deur hawens verder suid, waarvan Port Natal verreweg die geskikste sou wees. Ook die deurvloei van voorrade uit die Kaapkolonie, oor land en oor see, sou in permanente handelskanale georganiseer en gestabiliseer moes word.

Hoe moes, met al die moeilik berekenbare risiko-elemente, die Trekbeweging so ver geloods word? Afgesien van die houding van die Britse regering en die houding van die inboorlinge in die binnelande, was daar nog die gebrek aan kapitaal om die beweging te finansier. Soos reeds vermeld, was daar as gevolg van die Sesde Oosgrensoorlog juis 'n swaar verdere kapitaalverlies. Daar sou dus gewag moes word op die moontlike uitbetaling van skadevergoeding vir oorlogsverliese, asook vir slawevrystelling. Alvorens die lang emigrasiereis aangepak word, moes in elk geval perde, trekdiere en aanteelvee aangekoop word. Dit geld veral Boere in die gebied tussen die geteisterde Winterberg en die see.

Van die predikante, wat tegelyk staatsamptenare was, het die trekgedagte op Bybelse en algemeen godsdienstige gronde bekamp. Verset teen die regmatige, Christelike owerheid is deur hulle veroordeel. Die predikante het die geduldige afwag van die welwillende beskerming van hul, deur God aange-

stelde, owerheid om hul tydelike probleme reg te stel, as Christelike deug voorgehou. 'n Opstandige gees teen die wettige owerheid kon kerklike sensuur meebring. Onder die konserwatiewe grensboere het dit swaar geweeg dat eie predikante nie maklik sou saamtrek nie. Aan die ander kant was daar ook lank reeds 'n tradisie van verset deur die burgers teen predikante as staatsamptenare. Tydens die Groot Trek het Oosgrensboere ook nie gehuiwer om hulle teen hul predikante te verset nie. Daar was ook lank reeds 'n tradisie van die selfstandige studie en vertolking van die Bybel, wat op afgeleë plase gereeld aandagtig gelees en sorgvuldig oordink is. Die grensboere se lekevertolking van Bybeltekste wat hul aangegryp het, was geslagte lank reeds toegepas op hul besondere lewensomstandighede. Op die verhouding tussen Blank en Nie-Blank is by uitstek lig uit hul Statebybels gesoek. Waar 'n parallel tussen die Afrikaners en die ou volk Israel sterk aangevoel is, is uit die Ou Testament letterlike toepassings op die grensboer gemaak. Bevele aan die ou Israeliete is soms ook as bevele aan die Afrikanergrensboere beskou. Die grensboer-ouderling, en -diaken, asook die gewone lidmaat, sou nie aarsel om op gesag van sy Bybel soms sy amptelike kerklike leier teen te gaan nie.[178]

Per wa, te perd en te voet moes die trekbeweging *oor land* georganiseer word. In die wye ruimtes van die noordoosgrens was veel Afrikaner-grensboere reeds in die praktyk gedeeltelik onder Britse beheer uit: vanaf hul half selfstandige posisies daar sou hulle maklik en relatief ongemerk die noord- of noordoosgrens kon oorsteek. Hoewel oorsese verbindinge met Port Natal of die Portugese hawens veel vinniger kon geskied, het die grensboere dit nie benut nie. Langs alle kuste van Oos- en Suidoos-Afrika was die Britse vloot in dié jare volkome oppermagtig.[179] By koloniale hawens soos Port Elizabeth, Port Beaufort, Kaapstad en Simonstad het Brittanje volle beheer oor die aankoms en vertrek van skepe uitgeoefen. Die vervoer van passasiers, voorrade, wapens en ammunisie is alles streng volgens Britse voorskrifte gekontroleer. Trekkerleiers het oor geen skepe en oor weinig kennis van skeepvaart beskik. Langs die kortste en vinnigste roete kon dus nie veel hulp in die vorm van mense en voorrade aan die Trekbeweging verleen word nie. Terwyl die Britse krag in sy seeverbindinge gelê het, was die Boerekrag in sy landverbindinge. Oor land kon grensboere die krag geleë in die wye ruimtes van Suid-Afrika met vindingrykheid aangryp. Inderdaad was dit een van die troefkaarte van die organiseerders van die trekbeweging in hul propagering van die trekgedagte. Die gevaar vir die Trekkers het daarin gelê dat die Britse vloot en troepe die Trek-

178. Besonderhede hieroor is uitgewerk in Muller, „Die Kaapse Kerk en die Groot Trek: Twee Probleme" (ongepubliseerde lesing). Vgl. die Noord-Amerikaanse parallel soos bv. deur D. E. Leach in sy *The Northern Colonial Frontier 1607–1763*, New York ens., 1966, pp. 180 en 183, gestel. Kyk ook Hoofstuk I, p. 25.

179. G. S. Graham, *Great Britain in the Indian Ocean 1810–1850*, Oxford, 1967; G. S. Graham, *Tides of Empire*, Montreal en Londen, 1972, pp. 42 en 74; C. J. Bartlett, *Great Britain and Sea Power 1815–1853*, Oxford, 1963, pp. 116–122; Knaplund, *The British Empire*, p. 189.

kers se poorte na die buitewêreld kan sluit, waardeur die moeitevolle oorlandse migrasietog by sy eindpunt in groot mate verydel kon word.

Dié gevaar sou veral sterk deur die voorste trekkers, soos Louis Tregardt, Hans van Rensburg en Hendrik Potgieter en hul partye gevoel word, want hulle wou hulle heeltemal lostrek van hawens wat moontlik nog deur Brittanje beheer kon word. By hulle het die trekgedagte 'n radikale breuk met Britse invloed en kontrole geïmpliseer. Ten einde heeltemal uit die Britse invloedsfeer weg te trek, moes in betreklik onbekende streke groter risiko's getrotseer word. Ander trekgroepe weer, soos dié onder leiding van Gert Maritz, Piet Retief en Piet Uys het hulle na Port Natal gerig, nieteenstaande dit binnekant 'n Britse invloedsfeer kon lê.